- 3.48 **Clause 48** provides that no service provider may perform service infrastructure works within the reserve, the building lines, or a building restriction area, of transport infrastructure or roads of joint significance without the prior written permission of the Head of Department.
- 3.49 **Clause 49** empowers the Head of Department to set standards, specifications and guidelines concerning the performance of service infrastructure works and empowers the Provincial Minister to set fees payable by a service provider.
- 3.50 **Clause 50** sets out the requirements relating to a decision by the Head of Department in respect of an application contemplated in clause 48(1).
- 3.51 **Clause 51** provides for matters relating to the performance of service infrastructure works by a service provider.
- 3.52 **Clause 52** provides that the Province owns and has the exclusive right to control the spare capacity in a conduit, pipe, tunnel, manhole or similar service infrastructure situated in or attached to land or transport infrastructure owned by the Province and provides for the sharing of such spare capacity by service providers.
- 3.53 **Clause 53** provides for the payment of compensation by the service provider to the Province in proportion to the disadvantage suffered by the Province and the advantage gained by the service provider for the use of land by the service provider and related matters.
- 3.54 **Clause 54** provides for matters pertaining to the relocation of service infrastructure.
- 3.55 **Clause 55** provides that the enforcement provisions contained in clause 57 apply if clause 48(1), 50(3) or 51(2) are contravened.
- 3.56 **Clause 56** provides for general requirements relating to applications and written permissions in terms of the Bill.
- 3.57 **Clause 57** sets out the enforcement provisions that may be applied by the Provincial Minister if a person contravenes a provision of the Bill.
- 3.58 **Clause 58** provides for specific powers of the Head of Department relating to transport infrastructure and roads of joint significance, including the granting of financial or other assistance to a municipality.
- 3.59 **Clause 59** provides for general powers of the Head of Department relating to transport infrastructure.

- 3.60 **Clause 60** empowers the Provincial Minister to make regulations on specified matters. The matters that this clause contemplates and that will be contained in regulations are administrative and of such a nature that it is appropriate to deal with in regulations rather than in the Bill. No specific provision is included for parliamentary control over the regulations.
- 3.61 **Clause 61** empowers the Head of Department to set standards, specifications and guidelines for transport infrastructure and roads of joint significance on specified matters.
- 3.62 **Clause 62** authorises the Provincial Minister and Head of Department to delegate their powers or assign their duties in terms of the Bill in the manner provided therein.
- 3.63 **Clause 63** provides for the Provincial Minister and the Head of Department to conclude agreements in relation to specified matters.
- 3.64 **Clause 64** provides for the Head of Department to enter into an agreement with one or more landowners or another entity providing that such landowners or entities will contribute towards the costs of the construction, upgrading or maintenance of transport infrastructure.
- 3.65 **Clause 65** provides for the possibility of integrated procedures and approvals where activities that require approvals in terms of the Bill also require approval in terms of other legislation.
- 3.66 **Clause 66** provides for the limitation of liability and indemnity.
- 3.67 **Clause 67** sets out general prohibitions relating to transport infrastructure. This clause further provides that the Head of Department may grant permission in respect of such a prohibited matter on application to him or her.
- 3.68 **Clause 68** provides for offences and penalties in the event of a contravention of the Bill.
- 3.69 **Clause 69** provides for the possibility of an appeal to the Provincial Minister by a person affected by a decision of the Head of Department or an official of the Department in terms of the Bill.
- 3.70 **Clause 70** provides for the possibility of the Provincial Minister to exempt persons, including municipalities, from the requirements of any provisions of the Bill in relation to specific roads of joint significance, or a portion thereof, or all roads of joint significance within a municipality. It further provides for the withdrawal and imposition of conditions in respect of such an exemption, as well as the criteria that must be applied when an exemption is granted.
- 3.71 **Clause 71** provides for transitional matters.
- 3.72 **Clause 72** provides that the provisions of the Bill are additional to and not in substitution of other laws dealing with matters related to the matters dealt with by the Bill and related matters.
- 3.73 **Clause 73** provides for the repeal of the laws specified in the Schedule.
- 3.74 **Clause 74** provides for the short title and commencement of the Bill.

4. CONSULTATION

Department of the Premier: Legal Services
Department of Environmental Affairs and Development Planning
Provincial Treasury
Department of Economic Development and Tourism
South African Local Government Association

City of Cape Town
District and local municipalities in the Province

5. PERSONNEL IMPLICATIONS

There will be no personnel implications arising from the replacement of the Ordinance and the ARRDA by the Bill or by the repeal of the Act.

6. FINANCIAL IMPLICATIONS

- 6.1 As indicated in paragraph 5, the implementation of the Bill and the repeal of the Ordinance, the ARRDA and Act 1 of 2013 will not require the introduction of new operational components to the Department that would have consequent increases in professional and other staff. In this respect the Bill will not place new financial implications on the departmental budget. There are, however, new processes introduced by the Bill (as were also introduced by Act 1 of 2013) that will have financial implications, but which will be minimal in relation to the departmental approximately R4 billion annual budget and will be accommodated without motivating for additional budget. The implications are as follows:
- 6.2 Administering roads of joint significance in conjunction with the municipalities (clauses 9 and 10) — these procedures will entail ensuring that municipalities undertake management actions on their roads of joint significance and monitoring compliance. Much of the work in monitoring compliance in respect of actions taken on these roads and engagements with municipalities already occurs at an operational level in the Department under the Ordinance.
- 6.3 Undertaking the assessment of previously declared roads (clause 11) — this will be a one-off process of assessing the 32 000 km of declared provincial roads that will lead to transferring roads to the appropriate road authority where some roads are retained by the Province and some are transferred to municipalities according to the function of the roads and the relative capacity of the relevant municipalities. This process is underway in the City of Cape Town, and consultants will continue to assist the Province in undertaking the process in other municipalities.
- 6.4 Compiling and updating the list and associated database of transport infrastructure (clause 19) — much of the data required to develop the list and database already exists in the Departmental RNIS database, and compliance with clause 19 will largely require reformatting and adding existing records located in various systems to bring all information into a consolidated system.
- 6.5 Payment of road subsidy to municipalities for management of roads of joint significance (clauses 28 to 31) — the road subsidy provisions of the Bill, supplemented by the Regulations, will replace provisions of the Ordinance under which the Department has for many years subsidised proclaimed main roads (in the Bill renamed roads of joint significance). The Department currently budgets approximately R100 million annually toward the subsidy payments. The payment of subsidy to municipalities is subject to assessment by the Department and within the available financial resources of the Department.

7. LEGISLATIVE COMPETENCE

The Provincial Minister responsible for transport and public works is satisfied that the provisions of the Bill fall within the legislative competence of the Province.

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die beplanning, verklaring, ontwerp, konstruksie, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en verwante vervoerinfrastruktuur in die Wes-Kaap; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

INDELING VAN ARTIKELS

Artikels

HOOFSTUK 1	5
INLEIDENDE BEPALINGS	
1. Woordomskrywing	
2. Verantwoordelikhede van Provinsie en munisipaliteite	
3. Professionele Ingenieurs of Geregistreerde Beplanners verantwoordelik vir spesifieke werksaamhede	10
4. Titel tot grond vir vervoerinfrastruktuur	
HOOFSTUK 2	
KLASSIFIKASIE EN KATEGORISERING VAN PAAIE EN VERKLARING VAN PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG	
5. Klassifikasie van paaie	15
6. Verklaring van paaie van gemeenskaplike belang deur Provinsiale Minister	
7. Kategorisering van paaie	
HOOFSTUK 3	
BESKOUINGSBEPALINGS VIR PAAIE EN REGULERING VAN MUNISIPALE PAAIE EN PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG DEUR MUNISIPALITEITE	20
8. Beskouingsbepalings ten opsigte van paaie	
9. Regulering van munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang deur munisipaliteite	
10. Gesamentlike beplanning, bestuur en beheer van paaie van gemeenskaplike belang deur Provinsie en munisipaliteite	25
HOOFSTUK 4	
GESAMENTLIKE EVALUERING VAN VOORHEEN VERKLAARDE PAAIE EN OORDRAGOOREENKOMSTE	
11. Evaluering van voorheen verklaarde paaie	30
12. Padoordragooreenkomste	

HOOFSTUK 5**SPOORLYNE, OPENBAREVERVOERPAAIE, RESERWEBREEDTES,
BYKOMSTIGE VERVOERINFRASTRUKTUUR, BOULYNE EN
BOUBEBERKINGSGBIEDE**

- | | | |
|-----|---|---|
| 13. | Kategorisering van spoorlyne | 5 |
| 14. | Openbarevervoerpaaie | |
| 15. | Reserwebreedtes van paaie en spoorlyne | |
| 16. | Kategorisering en reserwes van bykomstige vervoerinfrastruktuur | |
| 17. | Boulyne en boubeperkingsgebiede | |

HOOFSTUK 6

10

BEPLANNING EN VERKLARING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR

- | | | |
|-----|--|----|
| 18. | Vervoerstelselbeplanning | |
| 19. | Rekords van vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang | |
| 20. | Projekbeplanningsproses | |
| 21. | Besluit deur Provinsiale Minister | 15 |
| 22. | Verklaring van vervoerinfrastruktuur | |

HOOFSTUK 7**PROSEDURES BY SLUITING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR**

- | | | |
|-----|---|----|
| 23. | Aansoek om vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te verander | |
| 24. | Permanente sluiting van provinsiale pad | 20 |
| 25. | Tydlike sluiting of verlegging van pad of spoorlyn | |
| 26. | Noodsluiting of -verlegging | |
| 27. | Reg van publiek om geslote of verlegde pad te gebruik | |

HOOFSTUK 8**PADSUBSIDIEREËLINGS**

25

- | | | |
|-----|---|----|
| 28. | Padsubsidiereëlings met munisipaliteite | |
| 29. | Huurgeld, verkoop en ander inkomste uit grond verkry met subsidie kragtens die Ordonnansie of padsubsidiegeld | |
| 30. | Bydraes vanaf ander bronne | |
| 31. | Regulasies vir padsubsidiereëlings | 30 |

HOOFSTUK 9**ADVERTENSIES SIGBAAR VANAF PROVINSIALE PAAIE EN PAAIE VAN
GEMEENSKAPLIKE BELANG**

- | | | |
|-----|---|----|
| 32. | Verbod op sekere advertensies | |
| 33. | Afdwingingsbepalings ten opsigte van advertensies | 35 |
| 34. | Regulering van advertensies deur munisipaliteite | |
| 35. | Vermoedens rakende advertensies | |

HOOFSTUK 10**BESTUUR EN BEHEER VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR, PAAIE VAN
GEMEENSKAPLIKE BELANG EN AANGRENSENDE GROND**

40

- | | | |
|-----|---|----|
| 36. | Betreding op en besitneming van eiendom | |
| 37. | Toegang tot en uitgang vanaf provinsiale paaie en paaie van gemeenskaplike belang | |
| 38. | Verskuiwing of sluiting van toegang tot of uitgang vanaf pad | |
| 39. | Beperkings op veranderinge in grondgebruik | 45 |
| 40. | Afstandaanwysers, padwysers en waarskuwings op paaie | |
| 41. | Versperrings en vry ruimtes | |
| 42. | Heinings langs of binne grense van vervoerinfrastruktuur | |
| 43. | Hekke oor paaie | |

44. Motorhekke
 45. Mynbedrywighede op of onder vervoerinfrastruktuur, paaie van gemeenskaplike belang of boubeperkingsgebiede
 46. Handel dryf op of in vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebiede
 47. Strukture buiten diensinfrastruktuur in reserwes of boulyne of in boubeperkingsgebiede van vervoerinfrastruktuur of paaie van gemeenskaplike belang 5

HOOFSTUK 11

DIENSINFRASTRUKTUUR

48. Toestemming vir diensinfrastruktuurwerke
 49. Standaarde, spesifikasies, riglyne en gelde 10
 50. Besluit oor aansoek
 51. Verrigting van diensinfrastruktuurwerke
 52. Eienaarskap en beheer van spaarkapasiteit
 53. Vergoeding
 54. Verskuiwing 15
 55. Afdwingingsbepalings ten opsigte van diensinfrastruktuur

HOOFSTUK 12

ALGEMENE BEPALINGS

56. Aansoeke en skriftelike toestemmings
 57. Afdwingingsbepalings 20
 58. Spesifieke bevoegdhede van Departementshoof
 59. Algemene bevoegdhede en pligte van Departementshoof
 60. Regulasies
 61. Standaarde, spesifikasies en riglyne
 62. Delegasie 25
 63. Ooreenkomste rakende vervoerinfrastruktuurwerkzaamhede
 64. Ooreenkoms om koste ten opsigte van paaie of vervoerinfrastruktuur te deel
 65. Geïntegreerde prosedures en besluite
 66. Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring
 67. Algemene verbodinge 30
 68. Misdrywe en strawwe
 69. Appèlle teen besluit van Departementshoof of beampte
 70. Vrystellings ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang
 71. Oorgangsbepalings
 72. Verhouding van Wet tot ander wette 35
 73. Herroeping van wette
 74. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAE: WETTE HERROEP

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE BEPALINGS 40

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
 “advertensie”—
 (a) enige sigbare voorstelling van ’n woord, naam, letter, syfer, voorwerp, merk, logo of simbool of van ’n afkorting van ’n woord of naam of enige kombinasie van sodanige elemente wat die uitwerking het om inligting oor te dra of die aandag op iets te vestig, insluitende ’n bord of voorwerp wat gewoonlik vir sodanige doeleindes gebruik word, en ook beelde wat deur laserstrale of soortgelyke toestelle vertoon word, en vertonings wat elektronies gemanipuleer word, selfs al word werklike inligting nie daardeur oorgedra nie; en 45
 (b) enige fisiese struktuur wat gebou is of gebruik kan word om so ’n voorstelling te vertoon of ondersteun, 50
 maar nie ook padverkeerstekens of verkeersligte insluit nie;

- “**amptelike tale**” Engels, Afrikaans en Xhosa;
- “**boubeperkingsgebied**” ’n gebied beoog in artikel 17(2), (4) of (6);
- “**boulyn**” ’n lyn beoog in artikel 17(1);
- “**busbaan**” die afgebakende bane van ’n pad wat gereserveer is vir uitsluitlike gebruik deur busse of deur voertuie wat gemagtig is om daardie bane vir nood- of ander doeleindes te gebruik; 5
- “**bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur**” bykomstige infrastruktuur ten opsigte van openbarevervoerpaaie en bykomstige infrastruktuur ten opsigte van spoorlyne bedoel in artikel 16(2) en verklaar kragtens artikel 22 as bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur, en ook alle grond waarop dit gebou is; 10
- “**bykomstige padinfrastruktuur**”, tensy dit uit die samehang anders blyk, ’n provinsiale fasiliteit bedoel in artikel 16(1) en verklaar as bykomstige padinfrastruktuur kragtens artikel 22, en ook die grond waarop dit gebou is;
- “**bykomstige vervoerinfrastruktuur**” bykomstige padinfrastruktuur of bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur; 15
- “**Departement**” die provinsiale departement verantwoordelik vir vervoeraangeleenthede in die Provinsie;
- “**Departementshoof**” die Hoof van die Departement verantwoordelik vir vervoeraangeleenthede in die Provinsie;
- “**depot**” ’n plek wat gebruik word vir die skut van voertuie en— 20
- (a) wat ingevolge artikel 87 van die NLTA as ’n depot aangewys is; of
- (b) wat verklaar of aangewys is as ’n plek vir die skut van voertuie ingevolge enige ander wet;
- “**deurpad**” ’n pad of gedeelte van ’n pad wat ingevolge die Nasionale Padverkeerswet as ’n deurpad aangewys is; 25
- “**diensinfrastruktuur**” ’n pypeleiding, riolering, draad, kabel, elektroniese kommunikasiefasiliteit, geleipyp, tonnel, buis, mangat, antenna, mas, of soortgelyke infrastruktuur, wat gebruik kan word vir die verskaffing van elektrisiteit, water, gas, telefoniese of elektroniese kommunikasie of in verband met rioolverwydering, stormwaterdreinerings, of ’n soortgelyke diens; 30
- “**diensinfrastruktuurwerke**” om diensinfrastruktuur te ontplooi, te verander, op te gradeer, te vervang, te herstel, in stand te hou, te rehabiliteer, te herbou, te verskuif, te verwyder of ’n soortgelyke aktiwiteit in verband met diensinfrastruktuur;
- “**diensperseel met direkte toegang**” ’n fasiliteit wat grens aan ’n deurpad wat— 35
- (a) toegang direk vanaf die deurpad ontvang; en
- (b) spesifiek vir die gebruikers van die deurpad of die beheer van vervoerbedrywighede bedoel is;
- “**diensverskaffer**” ’n persoon wat diensinfrastruktuur verskaf of gemagtig is om diensinfrastruktuur te verskaf, en ook ’n regsopvolger, kontrakteur of agent van die diensverskaffer; 40
- “**distrikspad**” ’n pad wat kragtens artikel 7(1)(c) of (4) as ’n distrikspad gekategoriseer is of wat ingevolge artikel 8(4) geag word ’n distrikspad te wees;
- “**dorp**” ’n gebied wat in standplase, erwe of hoewes verdeel is, hetsy met of sonder openbare oop ruimtes, en wat kragtens enige wet gestig is of erken word as ’n dorp; 45
- “**funksionele klassifikasie**” die beskrywing van die indeling van ’n pad in een van die Klasse 1 tot 6, soos voorgeskryf;
- “**geïntegreerde vervoerplan**” ’n plan beoog in artikel 36 van die NLTA;
- “**gemagtigde persoon**” ’n persoon gemagtig om namens die eienaar op te tree;
- “**grens**”, in die geval van— 50
- (a) ’n pad, die lyn wat die buitenste rande van die reserwe afbaken;
- (b) ’n spoorlyn, die lyn wat die buitenste rande van die gebied afbaken wat kragtens artikel 22(1) verklaar is; en
- (c) bykomstige vervoerinfrastruktuur, die lyn wat die buiteperimeter van die gebied afbaken wat kragtens artikel 22(1) vir die doeleindes van die bykomstige vervoerinfrastruktuur verklaar is; 55
- “**grond**” grond met of sonder verbeterings;
- “**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- “**heining**” enige struktuur of toestel wat die doel van ’n heining dien, ongeag die materiaal wat gebruik word vir, of die wyse van, die konstruksie daarvan, en ook ’n muur en ’n heg; 60
- “**hierdie Wet**” ook die regulasies gemaak kragtens hierdie Wet;

- “**hoofpad**” ’n pad wat kragtens artikel 7(1)(b) of (4) as ’n hoofpad gekategoriseer is, of ingevolge artikel 8(3) as ’n hoofpad geag word;
- “**konstruksie**” ook rekonstruksie;
- “**ligte spoorlyn**” ’n provinsiale spoorstelsel, insluitende ’n stelsel wat op ’n enkelspoor, ’n magnetiese levitasiestelsel of ’n vaste spoor- of baanstelsel loop 5
waar die voertuie op lugbande loop, wat—
(a) binne sy eie spoorreserwe, binne ’n eksklusiewe reg van weg binne ’n padreserwe, of in gemengde verkeer binne ’n padreserwe bedryf word; en
(b) kragtens artikel 13(2) as ’n ligte spoorlyn geklassifiseer is;
- “**mobilitieitspad**” ’n mobilitieitspad soos beoog in die “Access Management 10
Guidelines” gepubliseer deur die Provinsie in 2020 of enige daaropvolgende wysigings;
- “**motorhek**” ’n deurgang wat oor ’n ryvlak geleë is wat deur middel van ’n geribde platform slegs voertuigverkeer deurlaat;
- “**munisipale pad**” ’n pad beoog in artikel 5(2); 15
- “**mynbedrywighede**” enige bedrywigheid wat met die handeling van mynbou en aangeleenthede direk bykomstig daartoe verband hou;
- “**Nasionale Minister**” die lid van die Nasionale Kabinet verantwoordelik vir vervoeraangeleenthede;
- “**nasionale pad**” ’n nasionale pad soos omskryf in die Wet op die Suid-Afrikaanse 20
Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet 7 van 1998);
- “**Nasionale Padverkeerswet**” die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);
- “**niegemotoriseerde vervoer**” ook voetgangers, trapfietse en ander voertuie wat deur mense of diere aangedryf word; 25
- “**NLTA**” die “National Land Transport Act, 2009” (Wet 5 van 2009);
- “**ondergeskikte pad**” ’n pad wat ingevolge artikel 7(1)(e) of (4) as ’n ondergeskikte pad gekategoriseer is, of ingevolge artikel 8(3) as ’n ondergeskikte pad geag word;
- “**ontplooï**” ook installeer, lê, bou of ’n soortgelyke aktiwiteit; 30
- “**openbare voetpad**” ’n voetpad wat kragtens artikel 7(1)(f) of (4) as ’n openbare voetpad gekategoriseer is of ingevolge artikel 8(3) as ’n openbare voetpad geag word;
- “**openbarevervoerp pad**” ’n pad wat uitsluitlik vir openbare vervoer gebruik word en wat ingevolge artikel 7(1)(d) of (4) as ’n openbarevervoerp pad gekategoriseer is; 35
- “**oprig**”, met betrekking tot ’n heining, ook die heroprigting van die heining, die algehele vervanging van die materiaal van die heining en die byvoeging tot die heining van enige materiaal wat nie vir die doel van herstelwerk of instandhouding nodig is nie;
- “**Ordonnansie**” die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976); 40
- “**pad**” ook die padreserwe en die grond en alle werke of enigiets wat deel uitmaak van of hoort by die pad;
- “**padbaan**” die gedeelte van ’n pad wat vir voertuie bedoel is;
- “**padkantontwikkelingsomgewing**” die aard van die beboude omgewing aangrensend tot ’n pad of ’n gedeelte van ’n pad, of wat oorheersend in die gang 45
van ’n pad of ’n gedeelte van ’n pad voorkom, soos voorgeskryf, wat inligting verskaf wat nodig is vir besluitneming oor die spasiëring van kruispaaie en toegange;
- “**padsubsidie**” ’n padsubsidie beoog in Hoofstuk 8;
- “**pad van gemeenskaplike belang**” ’n pad van gemeenskaplike munisipale en 50
provinsiale belang beoog in artikel 5(3);
- “**padoordragooreenkoms**” ’n ooreenkoms beoog in artikel 12;
- “**persoon**” ook—
(a) ’n staatsorgaan;
(b) ’n diensverskaffer; 55
- “**primêre pad**” ’n pad wat kragtens artikel 7(1)(a) of (4) as ’n primêre pad gekategoriseer is of ingevolge artikel 8(3) as ’n primêre pad geag word;
- “**provinsiale landvervoerraamwerk**” die raamwerk beoog in artikel 35 van die NLTA;
- “**Provinsiale Minister**” die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir vervoeraangeleenthede in die Provinsie; 60
- “**Provinsiale Minister van Finansies**” die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir finansiële aangeleenthede in die Provinsie;

- “**Provinsiale Minister van Plaaslike Regering**” die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir plaaslikeregeringsaangeleenthede in die Provinsie;
- “**provinsiale pad**” ’n pad beoog in artikel 5(1)(a);
- “**Provinsie**” die provinsie van die Wes-Kaap of die Provinsie Wes-Kaap, na gelang van die samehang; 5
- “**Raamwerkwet op Interregeringsbetrekkings**” die “Intergovernmental Relations Framework Act, 2005” (Wet 13 van 2005);
- “**Registrasie van Aktes Wet**” die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937);
- “**reserwe**”, in die geval van— 10
- (a) ’n pad, die verklaarde, veranderde of geagte breedte daarvan beoog in artikel 15;
- (b) ’n spoorlyn, die volle verklaarde breedte tussen die grenskante daarvan;
- (c) bykomstige vervoerinfrastruktuur, die volle verklaarde gebied binne die grenskante daarvan;
- “**rusgebied**” ’n gebied wat opsygesit is spesifiek om padgebruikers toe te laat om hul reis te onderbreek om stil te hou en te rus, geleë óf aangrensend tot die pad en deel van die padreserwe óf weg van die pad, en wat kommersiële fasiliteite kan insluit; 15
- “**ryvlak**” die gedeelte van ’n pad wat vir voertuie bedoel is;
- “**SANRAL**” die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk wat ingevolge artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie ingestel is; 20
- “**spoorlyn**” ’n provinsiale spoorstelsel, en ook die volledige breedte van die spoorreserwe en die grond en alle werke of enigets wat deel uitmaak van of hoort by die spoorlyn; 25
- “**staatsorgaan**” ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;
- “**stasie**” ook—
- (a) in die geval van ’n spoorlyn, die gebiede binne ’n stasie wat gebruik word vir die spoorbaan, siviele infrastruktuur, geboue, treinbeheerstelsels, spoorwegwerwe, sylyne of sinjale, en alle ander fasiliteite en stelsels wat nodig is vir of bykomstig is tot die bedryf, instandhouding en administrasie van die spoorlyn; 30
- (b) in die geval van ’n busbaan, die gebiede binne die stasie wat gebruik word vir die buspad, siviele infrastruktuur, geboue, tekens, sinjale en merke, en alle ander fasiliteite en stelsels wat nodig is vir of bykomstig is tot die bedryf, instandhouding en administrasie van die busstelsel; en 35
- (c) parkeergarages en -gebiede, op- en aflaaipunte vir passasiers en kommersiële en kleinhandelgrondgebruike wat van die stasieperseel deel uitmaak;
- “**stedelike gebied**” ’n gebied wat bestaan uit—
- (a) behoudens paragraaf (b) en (c), daardie gedeelte van die regsgebied van ’n plaaslike owerheid wat by opmeting onderverdeel is in erwe van twee hektaar of kleiner of wat deur sodanige opgemete erwe omring word, en ook openbare paaie wat daaraan grens; 40
- (b) ’n gebied binne die perimeter van die buitenste grens van stedelike uitbreiding aangedui op ’n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), aangeneem is; of 45
- (c) ’n gebied wat kragtens subartikel (2) vir die doeleindes van hierdie Wet as ’n stedelike gebied verklaar is, 50
- en—
- (i) ook gebiede aangrensend tot ’n gebied bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) en wat buite die grens van daardie gebied strek, reghoekig tot die rand van die gebied gemeet, vir ’n afstand van 250 meter;
- (ii) waar die stedelike gebied bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) slegs aan een kant van ’n pad bestaan, is die pad binne ’n stedelike gebied in die mate waarin die stedelike gebied aan daardie kant strek; 55
- “**struktuur**” ’n gebou, struktuur of enigets wat opgerig is op, bo of onder die grond, hetsy permanent of tydelik, ongeag die aard of grootte daarvan;
- “**swaar spoorlyn**” ’n provinsiale spoorstelsel wat— 60
- (a) op spore binne sy eie spoorreserwe bedryf word;
- (b) ’n baanbreedte van meer as 600 millimeter het; en
- (c) kragtens artikel 13(2) as ’n swaar spoorlyn geklassifiseer is;
- “**vee**” alle kategorieë mak plaasvee en wild;

“**veekamp**” ’n terrein vir gebruik in verband met die tydelike inkamping van vee terwyl hulle in transito is;

“**verantwoordelike owerheid**”, in die geval van—

- (a) ’n pad, die Provinsie of die munisipaliteit verantwoordelik vir die administrasie van die betrokke pad, soos beoog in artikel 5; 5
- (b) ’n spoorlyn verklaar kragtens artikel 22(1), saamgelees met artikel 13, die Provinsie;
- (c) bykomstige vervoerinfrastruktuur verklaar kragtens artikel 22(1), saamgelees met artikel 16(1) of (2), die Provinsie;

“**verkeer**” padvoertuig- of spoorvoertuig- of niegemotoriseerde verkeer en ook verkeersveiligheidsoorwegings; 10

“**verkeersaarbestuursplan**” ’n plan beoog in artikel 18(3);

“**verkeerstekens**” padverkeerstekens soos beoog in die Nasionale Padverkeerswet of spoortekens of -sinjale soos beoog in die “National Railway Safety Regulator Act, 2002” (Wet 16 van 2002), en ook tekens of sinjale vir die beheer van pad- en spoorverkeer by spooroorange en ander plekke waar daar moontlik konflik tussen spoorverkeer en ander verkeer kan wees; 15

“**vervoerbedrywighe**” die vervoer van goedere, materiaal en mense binne ’n padstelsel, met behoorlike inagneming van verkeersvolumes, verkeersmodusse, fisiese beperkings, klimaatstoestand en die fisiese vorm en toestand van die pad; 20

“**vervoerinfrastruktuur**” ’n provinsiale pad, spoorlyn of bykomstige vervoerinfrastruktuur, insluitende die reserwe daarvan;

“**vervoerinfrastruktuurwerke**” om vervoerinfrastruktuur te ontplooi, te verander, op te gradeer, te vervang, te herstel, in stand te hou, te rehabiliteer, te herbou, te verskuif, te verwyder of ’n soortgelyke aktiwiteit in verband met vervoerinfrastruktuur; 25

“**voorgeskryf**” voorgeskryf by regulasies gemaak kragtens hierdie Wet;

“**voorheen verklaar**” verklaar of geag verklaar te wees ingevolge die Ordonnansie of enige ander wet wat by die inwerkingtrede van hierdie Wet van krag is;

“**Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie**” die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940); 30

“**Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie**” die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet 7 van 1998);

“**WNOB**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998); 35

“**WOFB**” die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

(2) Die Provinsiale Minister, met die instemming van die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering, kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige gebied vir die doeleindes van hierdie Wet as ’n stedelike gebied verklaar.

(3) Woorde wat afgelei word van die woorde of terme wat omskryf word, het ooreenstemmende betekenisse, tensy dit uit die samehang anders blyk. 40

(4) ’n Verwysing na ’n ander wet sluit ’n wysiging en ’n toekomstige wysiging van daardie wet in.

Verantwoordelikhede van Provinsie en munisipaliteite

2. (1) Die Provinsiale Minister en die Departementshoof moet, binne die beskikbare hulpbronne van die Departement, vervoerinfrastruktuur ooreenkomstig hierdie Wet en enige ander toepaslike reg finansier, beplan, verklaar, ontwerp, bou, ontwikkel, in stand hou, beheer, bestuur, reguleer, opgradeer, beskerm en rehabiliteer. 45

(2) Die betrokke munisipaliteit moet, binne sy beskikbare hulpbronne, behoudens hierdie Wet en enige ander toepaslike reg, munisipale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en bykomstige padinfrastruktuur in sy regsgebied finansier, beplan, verklaar, ontwerp, bou, ontwikkel, in stand hou, beheer, bestuur, reguleer, opgradeer, beskerm en rehabiliteer. 50

Professionele Ingenieurs of Geregistreerde Beplanners verantwoordelik vir spesifieke werksaamhede 55

3. (1) Die Provinsiale Minister moet toesien dat werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet verrig word, onder die verantwoordelikheid en noulettendheid van ’n gepas gekwalifiseerde professionele persoon onderneem word, behoudens subartikels (2) en (3).

(2) Geen persoon buiten—

- (a) 'n persoon geregistreer as 'n Professionele Ingenieur of Professionele Ingenieurstechnoloog ingevolge die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet 46 van 2000); of
- (b) 'n beplanner geregistreer ingevolge die Wet op die Beplanningsprofessie, 2002 (Wet 36 van 2002),

mag verantwoordelik wees vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne in verband met vervoerinfrastruktuur beoog in subartikel (1) nie.

(3) Geen persoon buiten so 'n Professionele Ingenieur of Professionele Ingenieurstechnoloog mag verantwoordelik wees vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne in verband met die volgende aktiwiteite nie:

- (a) ontwerp van siviele-, strukturele-, elektriese- of meganiese-ingenieurskomponente van vervoerinfrastruktuur beoog in subartikel (1);
- (b) ontwikkeling van remediërende en instandhoudingstrategieë van bestaande vervoerinfrastruktuur beoog in subartikel (1);
- (c) bestuur van die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur beoog in subartikel (1); of
- (d) ander voorgeskrewe aktiwiteite.

(4) Die Departementshoof moet toesien dat die Departement se personeeldiensstaat professionele ingenieurs of stadsbeplanners insluit met voldoende toepaslike ondervinding en die nodige bevoegdheid ten einde toesig te hou oor die onderneming van die aktiwiteite beoog in subartikels (2) en (3).

Titel tot grond vir vervoerinfrastruktuur

4. (1) Behoudens hierdie Wet en die toepaslike reg vestig alle regte en verpligtinge wat aan vervoerinfrastruktuur gekoppel is en die grond wat daarin bevat word, in die Provinsie.

(2) Die kantoor van die Padtrustees wat by artikel 23 van die Ordonnansie ingestel is, word afgeskaf.

(3) Alle grond wat in die naam van die Padtrustees vestig of geregistreer is, vestig in die Provinsie.

(4) Behoudens die beskikbare hulpbronne van die Departement, vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, moet titel tot grond, insluitende serwitute, wat die Provinsie nuut verkry vir vervoerinfrastruktuur, in die naam van die Provinsie geregistreer word.

(5) Die Provinsie kan ingevolge die toepaslike provinsiale wet wat die verkryging en vervreemding van provinsiale staatsgrond reguleer, grond vir die doeleindes van hierdie Wet verkry deur dit te koop, te huur, te onteien behoudens subartikels (6) tot (11), of op enige ander toepaslike wyse.

(6) Die Provinsiale Minister kan, ooreenkomstig die reg wat die onteiening van eiendom reguleer, grond onteien vir die doel van—

- (a) vervoerinfrastruktuurwerke of aktiwiteite in verband daarmee, insluitende die tydelike verlegging van 'n pad of spoorlyn;
- (b) buite 'n stedelike gebied, behoudens die WNOB en enige ander toepaslike reg, die verkryging, myn of behandeling, die uithaal of verwydering van materiaal insluitende gruis, klip, sand, klei, water buiten water wat kunsmatig gepomp is vir veesuiping en enige ander materiaal of stof vir doeleindes beoog in hierdie Wet;
- (c) die akkommodasie van personeel betrokke by die konstruksie, rehabilitasie, opgradering of instandhouding van vervoerinfrastruktuur; of
- (d) die berging of instandhouding van voertuie, masjinerie, toerusting, gereedskap, voorraad of materiaal.

(7) Waar 'n gedeelte van grond onteien is en die eienaar die Provinsiale Minister tevrede stel dat die restant van die grond as 'n direkte gevolg van die onteiening vir die eienaar nutteloos geword het, kan die Provinsiale Minister ook daardie restant onteien.

(8) Waar die Provinsiale Minister 'n toegang tot of uitgang vanaf grond permanent gesluit het en die eienaar van die grond weens die sluiting nie die grond tot voordeel kan benut nie of die vervoerinfrastruktuur nie toegang tot daardie grond kan bied nie, kan die Provinsiale Minister die grond onteien.

(9) Waar grond of 'n gedeelte daarvan nadelig geraak word deur die onteiening van ander grond deur die Provinsiale Minister, kan die Provinsiale Minister die grond of gedeelte wat aldus geraak word, ook onteien.

- (10) Behoudens hierdie Wet en die toepaslike reg, waar titel tot 'n voorheen verklaarde pad wat in die Provinsie vestig, in die naam bly van 'n persoon wat nie die Provinsie is nie, en die pad word deur die Provinsie aangewend as 'n pad, kan die Provinsiale Minister, sonder die betaling van vergoeding—
- (a) 'n endossement op die titelbewys tot die betrokke grond laat aanbring soos beoog in artikel 31(6) of 32(5), soos van toepassing, van die Registrasie van Aktes Wet; of 5
 - (b) nadat die nodige stappe beoog in paragraaf (a) gedoen is, titel tot die grond soos beoog in artikel 31(1) van die Registrasie van Aktes Wet in die naam van die Provinsie laat registreer. 10
- (11) Die Provinsiale Minister kan op grond wat die eiendom van 'n staatsorgaan is, materiaal uithaal en verwyder, maar slegs ingevolge 'n ooreenkoms met daardie staatsorgaan en behoudens die WNOB en enige ander toepaslike reg.
- (12) Grond wat in die Provinsie vestig en nie meer vir enige doel in verband met vervoerinfrastruktuur benodig word nie, kan deur die Provinsiale Minister vervreem word ooreenkomstig die toepaslike reg op die vervreemding van provinsiale staatsgrond. 15
- (13) Ondanks subartikel (12), in die geval waar 'n pad op grond geleë is wat in die naam van die titelhouer wat nie die Provinsie is nie, geregistreer is in omstandighede waar— 20
- (a) enige gedeelte van die pad verskuif, verander of permanent gesluit is; of
 - (b) enige gedeelte van die reserwe van die pad verklein of verander is,
- en die grond ophou om deel uit te maak van die pad as gevolg van 'n handeling beoog in paragraaf (a) of (b)—
- (i) in omstandighede waar die grond deur onteiening verkry is, kan die Departementshoof, behoudens die Registrasie van Aktes Wet, aansoek doen om die verwydering van enige endossement op die titelbewys tot die grond met betrekking tot die regte van die Provinsie ten opsigte van die pad; 25
 - (ii) in omstandighede waar die grond in die Provinsie vestig, niestandaardig dat die grond nie deur onteiening verkry is nie, val eiendomsreg van die grond terug op die titelhouer, tensy die Departementshoof by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* anders gelas. 30
- (14) Die Departementshoof moet in die omstandighede beoog in paragraaf (a) en (b) van subartikel (13) oorweeg om vir die verwydering van enige endossement op die titelbewys aansoek te doen of om 'n kennisgewing beoog in daardie subartikel te publiseer, gegrond op— 35
- (a) of die grond vir enige doeleinde in verband met vervoerinfrastruktuur benodig word; en
 - (b) die voorgeskrewe maatstawwe, wat bestaanbaar moet wees met die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007). 40

HOOFSTUK 2

KLASSIFIKASIE EN KATEGORISERING VAN PAAIE EN VERKLARING VAN PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG

Klassifikasie van paaie

5. (1) Provinsiale paaie wat die Provinsie administreer, bestaan uit— 45
- (a) paaie wat kragtens artikel 22(1) deur die Provinsiale Minister verklaar is;
 - (b) paaie wat ingevolge artikel 8(1) geag word provinsiale paaie te wees.
- (2) Munisipale paaie wat deur 'n munisipaliteit geadministreer word, bestaan uit—
- (a) paaie wat kragtens 'n toepaslike verordening deur munisipaliteite verklaar is;
 - (b) paaie beoog in artikel 8(2) ten opsigte waarvan die klassifikasie as 'n pad van gemeenskaplike belang ingetrek is kragtens artikel 6(1)(c) sodat dit deur 'n munisipaliteit as 'n munisipale pad geherklassifiseer word; 50
 - (c) paaie wat ooreenkomstig artikel 12(3), (4) of (5) na 'n munisipaliteit oorgedra is;
 - (d) paaie wat in 'n munisipaliteit vestig as gevolg van die onderverdeling van grond; 55
 - (e) paaie wat nie ingevolge die Ordonnansie verklaar is nie en wat deur 'n munisipaliteit besit en geadministreer word.
- (3) Paaie van gemeenskaplike belang wat, behoudens hierdie Wet, deur 'n munisipaliteit geadministreer word, bestaan uit— 60

- (a) munisipale paaie wat kragtens artikel 6(1)(a) deur die Provinsiale Minister tot paaie van gemeenskaplike belang verklaar is;
 - (b) munisipale paaie wat ingevolge artikel 8(2) geag word paaie van gemeenskaplike belang te wees.
- (4) Behoudens subartikels (5) en (6), by die bepaling of 'n voorheen verklaarde pad of 'n nuwe pad geklassifiseer moet word as 'n provinsiale pad, 'n pad van gemeenskaplike belang of 'n munisipale pad soos beoog in hierdie Wet, moet daar in ag geneem word of—
- (a) die pad in verskillende munisipaliteite begin en eindig;
 - (b) 'n beduidende getal reise op die pad in verskillende munisipaliteite begin en eindig;
 - (c) die pad deurgang gee na 'n plek van wesenlike belang buite die munisipaliteit;
 - (d) die pad gebruik word vir 'n doel wat van wesenlike belang buite die munisipaliteit is; en
 - (e) die verkeer op die pad 'n wesenlike impak het op die provinsiale padnetwerk.
- (5) Indien die pad nie aan enige van die maatstawwe beoog in subartikel (4)(a) tot (e) voldoen nie, moet die pad geklassifiseer word as 'n munisipale pad: Met dien verstande dat, met behoorlike inagneming van die relatiewe kapasiteit van die Provinsie en die munisipaliteit waarin die pad geleë is, die pad, met die instemming van die betrokke munisipaliteit, as 'n provinsiale pad geklassifiseer kan word.
- (6) Indien die pad aan een of meer van die maatstawwe beoog in subartikel (4)(a) tot (e) voldoen, kan dit as 'n provinsiale pad, 'n pad van gemeenskaplike belang of 'n munisipale pad geklassifiseer word.
- (7) Die Provinsiale Minister kan submaatstawwe voorskryf onder enige van die maatstawwe gelys in subartikel (4).
- (8) Die Departementshoof kan riglyne stel om die toepassing van die maatstawwe gelys in subartikel (4) of enige submaatstawwe wat daarbenewens voorgeskryf kan word, te lei.

Verklaring van paaie van gemeenskaplike belang deur Provinsiale Minister

6. (1) Die Provinsiale Minister kan, met behoorlike inagneming van artikel 5(4)(a) tot (e), (5) en (6), by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*—
- (a) 'n munisipale pad beoog in artikel 5(2) tot 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar;
 - (b) 'n verklaring beoog in paragraaf (a) intrek;
 - (c) die klassifikasie van 'n pad as 'n pad van gemeenskaplike belang beoog in artikel 8(2) intrek sodat dit deur die betrokke munisipaliteit as 'n munisipale pad geklassifiseer word.
- (2) Die Provinsiale Minister moet, voor hy of sy 'n verklaring of klassifikasie beoog in subartikel (1) maak of intrek, met die betrokke munisipaliteit oorleg pleeg.
- (3) 'n Munisipaliteit kan 'n versoek aan die Provinsiale Minister rig, wat 'n motivering moet bevat, om 'n verklaring of klassifikasie beoog in subartikel (1) te maak of in te trek.

Kategorisering van paaie

7. (1) 'n Provinsiale pad kan gekategoriseer word as—
- (a) 'n primêre pad;
 - (b) 'n hoofpad;
 - (c) 'n distrikspad;
 - (d) 'n openbarevervoerpad;
 - (e) 'n ondergeskikte pad;
 - (f) 'n openbare voetpad.
- (2) 'n Pad van gemeenskaplike belang moet as 'n hoofpad gekategoriseer word.
- (3) Indien die Provinsiale Minister ingevolge artikel 6(1)(a) 'n pad wat nie 'n hoofpad is nie as 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar het, moet die Provinsiale Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die kategorie van die betrokke pad na 'n hoofpad verander.
- (4) Die Provinsiale Minister moet in elke kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 22(1), ten opsigte van 'n provinsiale pad, die pad as een van die kategorieë gelys in subartikel (1) kategoriseer.

(5) Behoudens subartikel (6) of 'n ooreenkoms beoog in artikel 11(4) kan die Provinsiale Minister, ná oorleg met die geraakte munisipaliteite, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die kategorie van 'n provinsiale pad verander.

(6) Wanneer die Provinsiale Minister die oorleggingsproses beoog in subartikel (5) onderneem, moet hy of sy, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar oor die implikasies van die voorgestelde verandering van belanghebbende en geraakte partye aanvra. 5

(7) Wanneer die Provinsiale Minister die kategorie van 'n provinsiale pad soos beoog in subartikel (5) verander het, kan hy of sy die besonderhede van die verklaring of die intrekking, na gelang van die geval, deur middel van enige doeltreffende media publiseer. 10

(8) Die Provinsiale Minister kan maatstawwe voorskryf vir die kategorisering van 'n pad kragtens subartikel (1).

HOOFSTUK 3

BESKOUINGSBEPALINGS VIR PAAIE EN REGULERING VAN MUNISIPALE PAAIE EN PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG DEUR MUNISIPALITEITE 15

Beskouingsbepalings ten opsigte van paaie

8. (1) Hangende die gesamentlike evalueringsproses beoog in artikel 11, word 'n voorheen verklaarde pad ten opsigte waarvan die Provinsiale Minister die padowerheid soos beoog in artikel 1 van die Ordonnansie is, geag 'n provinsiale pad te wees. 20

(2) Hangende die gesamentlike evalueringsproses beoog in artikel 11, word 'n voorheen verklaarde pad ten opsigte waarvan 'n munisipaliteit die padowerheid soos beoog in artikel 1 van die Ordonnansie is, geag 'n pad van gemeenskaplike belang te wees.

(3) Alle voorwaardes ten opsigte van 'n voorheen verklaarde pad, insluitende die kategorisering van die pad as 'n primêre pad, hoofpad, afdelingspad, ondergeskikte pad of openbare voetpad, is steeds van toepassing, tensy dit ingevolge hierdie Wet verander word. 25

(4) Elke pad voorheen verklaar as 'n afdelingspad, word geag ingevolge hierdie Wet gekategoriseer te wees as 'n distrikspad, tensy die verklaring kragtens artikel 7(5) verander word. 30

Regulering van munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang deur munisipaliteite

9. (1) 'n Munisipaliteit moet, binne sy beskikbare hulpbronne, die finansiering, beplanning, verklaring, ontwerp, konstruksie, ontwikkeling, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering, beskerming en rehabilitasie van munisipale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en bykomstige vervoerinfrastruktuur in sy regsgebied reguleer. 35

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1) moet 'n munisipaliteit minstens vir die volgende voorsiening maak: 40

- (a) die finansiering, beplanning, verklaring, ontwerp, konstruksie, ontwikkeling, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering, beskerming, rehabilitasie en sluiting van munisipale paaie, en paaie van gemeenskaplike belang, in sy regsgebied;
- (b) ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang— 45
 - (i) die funksionele klassifikasie van die pad en alle munisipale paaie en privaat opritte wat die pad kruis of daarby aansluit;
 - (ii) die bepaling van die padkantontwikkelingsomgewing; en
 - (iii) die voorbereiding van verkeersaarbestuursplanne;
- (c) reserwebreedtes en boubeperkingslyne; 50
- (d) die verkryging van grond vir die doel om munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang in te stel;
- (e) titel tot, vestiging en oordrag van grond en regte;
- (f) die bestuur en beskerming van munisipale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en bykomstige padinfrastruktuur; 55
- (g) die goedkeuring van grondgebruikonderverdelings en die intensivering van grondgebruikontwikkelings wat aan munisipale paaie en paaie van gemeen-

- skaplike belang grens en 'n impak kan hê op die werking en veiligheid van verkeer en ander gebruikers van die pad;
- (h) die beheer van strukture en diensinfrastruktuur op, oor of onder straatreserwes of binne bepaalde afstande vanaf munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang; 5
- (i) toegang tot en uitgang vanaf munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang;
- (j) die regulering en bestuur van die gebruik van munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang;
- (k) prosedures in die geval van oortredings van verbodinge. 10
- (3) Voor 'n munisipaliteit 'n verordening maak wat paaie van gemeenskaplike belang en bykomstige padinfrastruktuur reguleer, moet hy met die Provinsiale Minister oorleg pleeg.
- (4) 'n Munisipaliteit moet toesien dat werksaamhede wat ten opsigte van vervoerstelselbeplanning of projekbeplanning vir paaie van gemeenskaplike belang verrig word, onder die verantwoordelikheid en noulettendheid van 'n gepas gekwalifiseerde professionele persoon beoog in artikel 3(2) en (3) van hierdie Wet, in die mate beskryf in daardie subartikels, verrig word. 15
- (5) 'n Munisipaliteit moet—
- (a) toesien dat vervoerstelselbeplanning van vervoerinfrastruktuur onder sy gesag in sy gebied by sy geïntegreerde vervoerplan ingesluit word; 20
- (b) vir sover dit doenlik is, toesien dat beplanning en begroting vir die konstruksie, opgradering en instandhouding van vervoerinfrastruktuur onder die gesag van alle staatsorgane in sy munisipale gebied en, waar toepaslik, wat aan daardie gebied grens, ingesluit word by die jaarlikse bywerking van sy geïntegreerde vervoerplan; en 25
- (c) inligting oor sodanige beplanning en begroting tydig aan die Departementshoof voorlê vir die insluiting daarvan in die toepaslike bywerkings van die provinsiale landvervoerruimwerk.
- (6) 'n Munisipaliteit wat vir die instandhouding van 'n pad van gemeenskaplike belang verantwoordelik is, moet die batebestuurstelsels, insluitende toestands-sesserings- en instandhoudingsbestuurstelsels, wat die Departementshoof aanvaarbaar en vir die doel geskik ag, installeer en in bedryf hou. 30
- (7) 'n Munisipaliteit moet—
- (a) 'n lys saamstel en byhou van paaie van gemeenskaplike belang waarvoor hy die verantwoordelike owerheid is, wat gebaseer is op dieselfde nommerings- of kodestelsel bedoel in artikel 19(5), soos voorgeskryf; 35
- (b) toesien dat die lys beskikbaar is, vir insae deur die publiek gedurende kantoorure by die plek of plekke aangewys deur die munisipaliteit;
- (c) die lys bywerk wanneer ook al enige sodanige pad verklaar, verskuif, geherklassifiseer, oorgedra of gesluit word, of wanneer die verklaring daarvan ingetrek word; en 40
- (d) die lys en enige bywerkings aan die Departementshoof voorlê vir insluiting in die rekords beoog in artikel 19.
- (8) Munisipaliteite moet, wanneer hulle paaie van gemeenskaplike belang beplan, verklaar, ontwerp, bou, ontwikkel, in stand hou, beheer, bestuur, reguleer, opgradeer, beskerm en rehabiliteer, voldoen aan die minimum vereistes van standarde, spesifikasies en riglyne gestel deur die Departementshoof ingevolge artikel 61, of kan hul eie standarde, spesifikasies en riglyne gebruik mits dit met die standarde, spesifikasies en riglyne gestel deur die Departementshoof bestaanbaar is. 50

Gesamentlike beplanning, bestuur en beheer van paaie van gemeenskaplike belang deur Provinsie en munisipaliteite

- 10.** (1) As 'n deel van die vervoerstelselbeplanningsproses vir paaie van gemeenskaplike belang moet 'n munisipaliteit—
- (a) die funksionele klassifikasie van elk van hierdie paaie en die funksionele klassifikasie van alle munisipale paaie en privaat opritte wat met hierdie paaie kruis of daarby aansluit, bepaal; 55
- (b) die padkantontwikkelingsomgewing bepaal;
- (c) verkeersaarbestuursplanne opstel.
- (2) By die onderneming van die aktiwiteite beoog in subartikel (1) moet 'n munisipaliteit— 60

- (a) die toepaslike standaard, spesifikasies en riglyne beoog in artikel 9(8) toepas;
- (b) met die Departementshoof oorleg pleeg; en
- (c) toesien dat daar met alle belanghebbende en geraakte partye oorleg gepleeg word. 5
- (3) Die funksionele klassifikasies, padkantontwikkelingsomgewing en verkeersaarbestuursplanne bepaal of opgestel soos beoog in subartikel (1)(a), (b) en (c) moet—
- (a) deur die betrokke munisipaliteit op die voorgeskrewe wyse aan die Departementshoof vir sy of haar kommentaar en aanbevelings voorgelê word;
- (b) na aanleiding van die kommentaar en aanbevelings beoog in paragraaf (a), 10 deur die betrokke munisipaliteit hersien word;
- (c) indien dit vir die Departementshoof aanvaarbaar is, by die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en die provinsiale landvervoerraamwerk ingesluit word.
- (4) 'n Munisipaliteit moet— 15
- (a) voor hy die aktiwiteit beoog in subartikel (6)(a) tot (e) ten opsigte van 'n pad van gemeenskaplike belang onderneem, 'n projekbeplanningsproses onderneem, insluitende die toepaslike tegniese prosesse om die verkose gerigtheid, uitleg, reserwe of ontwerp van 'n pad van gemeenskaplike belang te omskryf;
- (b) wanneer hy die projekbeplanningsproses onderneem, met die Departementshoof oorleg pleeg; 20
- (c) wanneer hy die projekbeplanningsproses onderneem, aan die vereistes voorgeskryf in toepaslike wetgewing voldoen.
- (5) 'n Munisipaliteit moet, voor hy 'n nuwe pad verklaar of bou wat aan een of meer van die maatstawwe beoog in artikel 5(4)(a) tot (e) voldoen, die skriftelike kommentaar 25 en aanbevelings van die Departementshoof op die voorgeskrewe wyse verkry en oorweeg.
- (6) 'n Munisipaliteit mag nie die volgende aktiwiteite by die uitvoering van sy werksaamhede as verantwoordelike owerheid ten opsigte van 'n bestaande pad van gemeenskaplike belang onderneem sonder om die vooraf verkreë skriftelike 30 kommentaar en aanbevelings van die Departementshoof te verkry nie, gegrond op die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighe:
- (a) konstruksie op die pad;
- (b) die konstruksie van nie-gemotoriseerde of openbarevervoerfasiliteite in die 35 pad;
- (c) die verskuiwing of verandering van die pad;
- (d) die verandering van 'n reserwe van die pad;
- (e) behalwe in 'n noodgeval, die tydelike of permanente sluiting van die pad;
- (f) die verklaring of verwydering van 'n boubeperkingsgebied, die vernouing van 40 die breedte van 'n boubeperkingsgebied of enige ander verklaring ten opsigte daarvan;
- (g) die konstruksie van nuwe of veranderde kruisings en wisselaars tussen die pad en ander openbare paaie;
- (h) die installering van verkeerstekens, stoptekens, toegetekens en enige ander 45 verkeersbeheertoestelle, of enige ander verkeerstekens wat die pad se vermoë om verkeer te dra of die bedrywighe van die pad kan belemmer;
- (i) 'n opdrag om 'n wettige toegang tot grond aangrensend tot die pad wat toegang en uitgang na en van die pad verskaf, te verskuif, te beperk of te sluit, of die konstruksie van 'n toegang na en vanaf aangrensende grond, ongeag die 50 identiteit van die eienaar van die grond.
- (7) Wanneer 'n munisipaliteit skriftelike kommentaar en aanbevelings van die Departementshoof versoek in verband met 'n aktiwiteit gelys in subartikel (6), moet 'n munisipaliteit voldoende tegniese besonderhede van die aktiwiteit aan die Departementshoof verskaf om die Departementshoof in staat te stel om enige moontlike 55 nadelige impak op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighe te bepaal.
- (8) Die Departementshoof moet—
- (a) indien die tegniese besonderhede bepaal in subartikel (7) onvoldoende is om die Departementshoof in staat te stel om 'n bepaling beoog in daardie subartikel te maak, die verdere tegniese besonderhede soos nodig kan wees 60 van die munisipaliteit versoek; en

- (b) antwoord op die versoek om kommentaar en aanbevelings beoog in subartikels (3) en (6),
op die voorgeskrewe wyse.
- (9) Indien die kommentaar en aanbevelings van die Departementshoof beoog in subartikel (6) daarop aandui dat die aktiwiteit waarskynlik 'n negatiewe impak op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywigheede sal hê, mag die voorgestelde aktiwiteit nie voortgaan totdat die Departementshoof en die betrokke munisipaliteit 'n ooreenkoms bereik het oor die lewensvatbaarheid en tegniese besonderhede van daardie aktiwiteit nie. 5
- (10) In die omstandighede beoog in subartikel (9) moet die Departementshoof en die betrokke munisipaliteit op die geskikste en kostedoeltreffendste wyse beraadslaag ten einde gesamentlik— 10
- (a) te besluit om enige negatiewe impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywigheede te versag deur ooreen te kom oor 'n wysiging of wysigings van die tegniese besonderhede van die aktiwiteit; of 15
- (b) ooreenkom dat die versoek deur die munisipaliteit om die instemming van die Departementshoof om die voorgestelde aktiwiteit te onderneem, deur die munisipaliteit teruggetrek word.
- (11) Ten einde 'n geskil te besleg of 'n ooreenkoms te bereik, moet die Departementshoof en die munisipaliteit ooreenkomstig artikel 41 van die Grondwet met mekaar saamwerk en meewerk, wat bemiddeling deur 'n persoon beoog in artikel 3(2)(a) kan insluit. 20
- (12) Indien 'n aktiwiteit wat deur 'n munisipaliteit onderneem is, 'n nadelige impak op provinsiale verkeer of provinsiale vervoerbedrywigheede het, kan die Departementshoof, op die voorgeskrewe wyse, die munisipaliteit skriftelik in kennis stel van die noodsaaklikheid om 'n aktiwiteit te onderneem wat nodig is om die voldoening te verseker van 'n pad van gemeenskaplike belang aan enige bepalings van hierdie Wet of enige standaarde, spesifikasies en riglyne wat ingevolge artikel 61 gestel is. 25
- (13) Indien 'n munisipaliteit versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing beoog in subartikel (12) of dit betwis, moet die Departementshoof en die munisipaliteit die nodige stappe doen om soos beoog in subartikels (10) en (11) 'n ooreenkoms te bereik. 30
- (14) Indien 'n munisipaliteit nodig het om 'n aktiwiteit te onderneem in 'n ander hoedanigheid as die verantwoordelike owerheid ten opsigte van 'n pad van gemeenskaplike belang en ten opsigte waarvan skriftelike toestemming beoog in subartikel (15) benodig word, moet die munisipaliteit ooreenkomstig die toepaslike artikel beoog in subartikel (15) aansoek doen om die skriftelike toestemming, en alle verwante bepalings van hierdie Wet is van toepassing. 35
- (15) Ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang—
- (a) is die skriftelike toestemmings wat ingevolge artikels 32(1), 37(1), (2) en (4), 45(1), 47(1), 48(1), 51(2) en 67(3) vereis word, bykomend tot enige toestemming van die betrokke munisipaliteit ingevolge 'n toepaslike munisipale verordening, en die skriftelike toestemmings wat ingevolge die artikels bedoel in hierdie subartikel vereis word, neem nie die verpligting weg om ook die toestemming van die betrokke munisipaliteit ingevolge 'n toepaslike verordening te verkry nie; en 45
- (b) indien toestemmings verleen deur die Provinsiale Minister of die Departementshoof na aanleiding van 'n aansoek deur die betrokke munisipaliteit beoog in paragraaf (a) albei behoudens voorwaardes toegestaan word, is die swaarder voorwaardes van toepassing. 50
- (16) Die Departementshoof en, in die geval van 'n appèl, die Provinsiale Minister, en die betrokke munisipaliteit, moet, ten opsigte van artikels 32(1), 37(1), (2) en (4), 45(1), 46(1), 47(1), 48(1), 51(2) en 67(3), alle redelike stappe doen om die prosedurele vereistes vir besluitneming en toestemmings op die wyse beoog in artikel 65 te integreer. 55

HOOFSTUK 4

GESAMENTLIKE EVALUERING VAN VOORHEEN VERKLAARDE PAAIE EN OORDRAGOOREENKOMSTE

Evaluering van voorheen verklaarde paaie

11. (1) Nie later nie as die datum beoog in subartikel (2) moet die Provinsiale Minister, met die instemming van die Departementshoof, gesamentlike evalueringsprosesse met munisipaliteite aanvoer rakende voorheen verklaarde paaie in die onderskeie betrokke gebiede om op die voorgeskrewe wyse ten opsigte van elke pad die volgende te bepaal:

- (a) behoudens artikel 5(4), (5) en (6), of die pad as 'n provinsiale pad of 'n munisipale pad geklassifiseer behoort te word; 10
- (b) of die pad as 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar behoort te word;
- (c) die gepastheid van die kategorisering van elke sodanige pad ingevolge artikel 8(3) en (4), na gelang van die geval;
- (d) die toestand van die pad en die huidige en toekomstige instandhoudingsvereistes, beide fisies en finansieel; 15
- (e) of die pad gesluit en die verklaring daarvan as 'n pad ingetrek behoort te word;
- (f) enige ander aangeleentheid wat nodig kan wees, insluitende die noodsaaklikheid dat enige infrastruktuur as bykomstige vervoerinfrastruktuur verklaar word. 20

(2) Die Provinsiale Minister kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die datum bepaal waarop die gesamentlike evalueringsproses ten opsigte van voorheen verklaarde paaie in 'n bepaalde munisipaliteit vermeld in die kennisgewing moet begin.

(3) As 'n deel van die gesamentlike evaluering beoog in subartikel (1) moet die Departementshoof, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar op die aangeleenthede gelys in subartikel (1)(a) tot (f) van belanghebbende en geraakte partye aanvra. 25

(4) Ná afloop van die gesamentlike evaluerings beoog in subartikel (1) en die oorweging van openbare kommentaar wat uit hoofde van subartikel (3) ontvang is, maar nie later nie as twee jaar vanaf die datum bepaal ingevolge subartikel (2), of 'n latere datum waaroor ooreengekom is, moet die Provinsiale Minister met die instemming van die Departementshoof, en elke munisipaliteit, 'n skriftelike ooreenkoms aangaan, wat die volgende ten opsigte van elke pad, of stel paaie, wat geëvalueer is, moet vermeld: 30

- (a) of die pad as 'n provinsiale pad of 'n munisipale pad geklassifiseer sal word;
- (b) indien die pad as 'n munisipale pad geklassifiseer sal word, of dit as 'n pad van gemeenskaplike belang geklassifiseer behoort te word; 35
- (c) of die kategorie van elke sodanige pad ingevolge artikel 8(3) of (4) verander sal word;
- (d) of die pad gesluit sal word en die verklaring daarvan as 'n pad ingetrek sal word;
- (e) enige ander aangeleentheid wat nodig kan wees, insluitende die noodsaaklikheid om enige infrastruktuur as bykomstige vervoerinfrastruktuur te verklaar. 40

(5) Die Provinsiale Minister, die Departementshoof en die betrokke munisipaliteit moet by die onderneming van die gesamentlike evalueringsproses—

- (a) die aanneming van 'n implementeringsprotokol beoog in artikel 35 van die Raamwet op Interregeringsbetrekkinge oorweeg; 45
- (b) met mekaar saamwerk en meewerk ooreenkomstig artikel 41 van die Grondwet; en
- (c) alle redelike stappe doen om 'n ooreenkoms oor die bepaling te bereik.

(6) Indien die ooreenkoms beoog in subartikel (4) nie binne die tydperk beoog in daardie subartikel bereik word nie, kan die Provinsiale Minister, met die instemming van die Departementshoof, behoudens subartikel (7), oor die aangeleenthede gelys in subartikel (4) 'n besluit neem. 50

(7) Die Provinsiale Minister en die Departementshoof moet voor—

- (a) die aangaan van 'n ooreenkoms beoog in subartikel (4); 55
- (b) die besluit beoog in subartikel (6),

met die Provinsiale Minister van Finansies en die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering oorleg pleeg.

- (8) Die Provinsiale Minister moet, met die instemming van die Departementshoof, voor die neem van 'n besluit beoog in subartikel (6)—
- (a) minstens 30 dae voor die besluit aan die betrokke munisipaliteit die volgende verskaf:
 - (i) skriftelike kennisgewing van sy of haar beoogde besluit oor alle aangeleenthede gelys in subartikel (4) tesame met 'n volledige motivering vir die besluit; 5
 - (ii) 'n skriftelike rekord van die stappe wat gedoen is om aan subartikel (5) te voldoen; en
 - (iii) 'n skriftelike uitnodiging om enige besware op die beoogde besluit voor te lê, welke besware volledig gemotiveer moet wees en hoogstens 21 dae ná ontvangs van die skriftelike kennisgewing en rekord beoog in subparagrafe (i) en (ii) voorgelê moet word en; 10
 - (b) enige besware wat na aanleiding van die uitnodiging beoog in paragraaf (a)(iii) voorgelê is, oorweeg. 15
- (9) Indien 'n ooreenkoms beoog in subartikel (4) bereik word of 'n besluit beoog in subartikel (6) geneem word, behoudens enige toepaslike beplanningsproses ingevolge artikel 20 en in die mate wat nodig is—
- (a) moet die Provinsiale Minister in die *Provinsiale Koerant* 'n verklaring maak— 20
 - (i) soos beoog in artikel 22(1)(d), indien 'n pad van gemeenskaplike belang beoog in artikel 8(2) as 'n provinsiale pad geherklassifiseer sal word;
 - (ii) soos beoog in artikel 22(1)(c)(iii)(aa), indien 'n provinsiale pad as 'n munisipale pad geherklassifiseer sal word; 25
 - (iii) soos beoog in artikel 6(1)(c), indien die klassifikasie van 'n pad wat ingevolge artikel 8(2) geag word 'n pad van gemeenskaplike belang te wees, ingetrek word sodat dit deur die betrokke munisipaliteit as 'n munisipale pad geherklassifiseer word;
 - (iv) soos beoog in artikel 22(1)(c)(ii), indien die verklaring van die pad ingetrek en die pad permanent gesluit sal word; 30
 - (v) soos beoog in artikel 7(4), indien die kategorie van die pad verander sal word;
 - (vi) wat eienaarskap van die grond waarop die pad geleë is, in die munisipaliteit of die Provinsie vestig soos beoog in artikel 12(2), (3), (4) of (5), saamgelees met artikel 12(9), soos die omstandighede vereis; 35
 - (vii) rakende enige ander aangeleentheid wat omstandighede kan vereis, insluitende die verklaring van bykomstige vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 22(1);
 - (b) moet die Departementshoof 'n padoordragooreenkoms beoog in artikel 12 aangaan. 40
- (10) Wanneer die Provinsiale Minister 'n verklaring beoog in subartikel (8)(a) maak het, kan hy of sy die besonderhede van die verklaring deur middel van enige doeltreffende media publiseer.
- (11) 'n Verklaring beoog in subartikel (8)(a) en die padoordragooreenkoms beoog in subartikel (8)(b) moet in die rekords beoog in artikel 19 weergegee word. 45

Padoordragooreenkomste

- 12.** (1) Die oordrag van verantwoordelikheid vir 'n pad soos beoog in hierdie artikel moet, in die mate wat nodig is, deur 'n padoordragooreenkoms tussen die Departementshoof en die betrokke munisipaliteit gereguleer word, wat die volgende kan insluit: 50
- (a) bepalings om gevolg te gee aan die oordrag van eienaarskap van die grond waarop die pad geleë is, soos beoog in hierdie artikel en soos die omstandighede vereis;
 - (b) enige ander aangeleentheid wat die oordrag van verantwoordelikheid ten opsigte van die pad kan vergemaklik. 55
- (2) Indien die gesamentlike evalueringsproses beoog in artikel 11 bepaal dat 'n munisipale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang as 'n provinsiale pad geklassifiseer sal word, moet verantwoordelikheid vir die pad deur die betrokke munisipaliteit na die Provinsie oorgedra word.
- (3) Indien die gesamentlike evalueringsproses beoog in artikel 11 bepaal dat 'n provinsiale pad as 'n munisipale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang geklassifiseer 60

sal word, moet verantwoordelikheid vir die pad deur die Provinsie na die betrokke munisipaliteit oorgedra word.

(4) Indien 'n pad 'n pad beoog in artikel 5(6) is, kan verantwoordelikheid vir die pad, by ooreenkoms en ooreenkomstig subartikels (6) en (9), te eniger tyd oorgedra word van die Provinsie na die betrokke munisipaliteit of van die betrokke munisipaliteit na die Provinsie, na gelang van die omstandighede. 5

(5) Indien daar te eniger tyd bepaal word dat 'n pad verkeerd geklassifiseer is—

- (a) ingevolge artikel 8(1) of (2);
- (b) weens 'n verandering van omstandighede;
- (c) weens 'n administratiewe fout; 10
- (d) weens die toepassing van 'n bepaling van die Ordonnansie waaraan daar nie gevolg gegee is nie,

kan verantwoordelikheid vir die pad, by 'n ooreenkoms beoog in subartikel (1), van die Provinsie na die betrokke munisipaliteit oorgedra word, of van die betrokke munisipaliteit na die Provinsie, na gelang van die omstandighede, ooreenkomstig subartikels (6) en (9). 15

(6) Voor die oordrag van verantwoordelikheid vir 'n pad beoog in subartikel (4) of (5) moet die Provinsiale Minister, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra oor die implikasies van die voorgestelde verandering. 20

(7) Waar verantwoordelikheid vir 'n pad oorgedra word in die omstandighede beoog in subartikels (4) en (5), moet die Provinsiale Minister—

- (a) indien die pad as 'n provinsiale pad geherklassifiseer sal word, 'n verklaring ingevolge artikel 22(1)(d) maak;
- (b) indien 'n provinsiale pad as 'n munisipale pad geherklassifiseer sal word, 'n 25
verklaring beoog in artikel 22(1)(c)(iii)(aa) maak.

(8) Wanneer die Provinsiale Minister 'n verklaring beoog in subartikel (7)(a) of (b) gemaak het, moet hy of sy 'n aankondiging van die verklaring in minstens een koerant in die betrokke gebied publiseer, wat 'n tyd en plek kan aandui waar insae in fyner besonderhede gekry kan word, en, indien doeltreffend, in ander media. 30

(9) Waar die verantwoordelikheid vir 'n pad oorgedra word na 'n ander owerheid soos beoog in subartikel (2), (3), (4) of (5), moet eienaarskap van die grond sonder koste na die ander owerheid oorgedra word of in hom vestig, behalwe vir die oordragkoste, wat gedra kan word deur enigeen van die partye soos ooreengekom—

- (a) deur middel van 'n padoordragooreenkoms beoog in subartikel (1); 35
- (b) deur middel van 'n verklaring in die *Provinsiale Koerant*.

(10) Die oordrag van 'n pad ingevolge hierdie artikel moet in die rekords beoog in artikel 19 weergegee word.

HOOFSTUK 5

SPoorlyNE, OPENBAREVERVOERPAaIE, RESERWEBREEDTES, 40 BYKOMSTIGE VERVOERINFRASTRUKTUUR, BOULYNE EN BOUBEPERKINGSGBIEDE

Kategorisering van spoorlyne

13. (1) Spoorlyne wat deur die Provinsiale Minister geadministreer word, kan bestaan uit— 45

- (a) swaar spoorlyne;
- (b) ligte spoorlyne,

met betrekking tot 'n provinsiale werksaamheid.

(2) Die Provinsiale Minister moet, in elke kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 22(1) ten opsigte van 'n spoorlyn, die spoorlyn as een van die kategorieë gelys in subartikel (1) 50
kategoriseer.

(3) Behoudens die oorlegplegingsproses uiteengesit in subartikel (4) kan die Provinsiale Minister, ná oorleg met die geraakte munisipaliteite, die kategorie van 'n spoorlyn by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verander.

(4) Voor 'n verandering of kategorisering beoog in subartikel (3) moet die Provinsiale 55
Minister, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra oor die implikasies van die voorgestelde verandering.

(5) Wanneer die Provinsiale Minister die kategorie van 'n spoorlyn verander het soos beoog in subartikel (3), kan hy of sy die besonderhede van die verandering deur middel 60
van enige doeltreffende media publiseer.

(6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (3) moet in die rekords beoog in artikel 19 weergegee word.

Openbarevervoerpaaie

14. (1) 'n Openbarevervoerpad kan in sy eie, eksklusiewe reserwe geleë wees of binne die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of ondergeskikte pad. 5

(2) Die Provinsiale Minister kan voorwaardes vir openbarevervoerpaaie stel en moet daardie voorwaardes by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bekendmaak.

(3) Waar 'n provinsiale openbarevervoerpad in die geheel binne die reserwe van 'n munisipale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang geleë is, moet die Provinsiale Minister en die munisipaliteit, waar gepas, 'n skriftelike ooreenkoms sluit oor of die Provinsie of die munisipaliteit die verantwoordelike owerheid is vir die instandhouding, advertensiebeheer en ander tersaaklike aspekte in verband met die provinsiale openbarevervoerpad. 10

Reserwebreedtes van paaie en spoorlyne

15. (1) Behoudens subartikel (2) is die standaard- minimum reserwebreedtes van provinsiale paaie wat ingevolge artikel 22(1) verklaar is, paaie van gemeenskaplike belang wat ingevolge artikel 6(1)(a) verklaar is, en provinsiale spoorlyne wat kragtens Hoofstuk 6 verklaar is, soos volg: 15

- (a) primêre pad: 30 meter;
- (b) hoofpad: 25 meter; 20
- (c) distrikspad: 20 meter;
- (d) ondergeskikte pad: 20 meter;
- (e) openbarevervoerpad: 20 meter, behalwe waar die openbarevervoerpad binne die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of ondergeskikte pad verklaar is;
- (f) openbare voetpad: 2 meter; 25
- (g) swaar spoorlyn: 20 meter; en
- (h) ligte spoorlyn: 10 meter.

(2) Die Provinsiale Minister kan, by die verklaring, verskuiwing of verandering van 'n provinsiale pad of provinsiale spoorlyn, in 'n kennisgewing beoog in artikel 22(1), bepaal dat die pad of spoorlyn 'n reserwebreedte het wat van die standaard- minimum reserwebreedte afwyk. 30

(3) Die Provinsiale Minister kan, in 'n kennisgewing beoog in artikel 22(1)(b), die standaard- minimum reserwebreedte van 'n provinsiale pad of provinsiale spoorlyn, of 'n gedeelte daarvan, verander—

- (a) ná oorleg met alle geraakte munisipaliteite; 35
- (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Hoofstuk 6.

(4) Waar 'n provinsiale pad 'n werklike reserwebreedte het wat bepaal is as 'n uitkoms van die verdeling of onderverdeling van grond of wat op enige ander wyse hoegenaamd verkry is en wat groter is as die standaard- minimum reserwebreedte, moet die reserwebreedte van die provinsiale pad geag word verander te wees ooreenkomstig sodanige bepaalde breedte. 40

(5) Die Departementshoof kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die grense van die reserwe van enige provinsiale pad beskryf ooreenkomstig gekoördineerde punte op 'n plan wat in die kennisgewing gepubliseer is, met dien verstande dat, waar die reserwe gelyktydig met die uitreiking van enige verklaring beoog in artikel 22(1) beskryf word, sodanige beskrywing by sodanige verklaring ingesluit kan word. 45

(6) Die reserwebreedte van 'n pad van gemeenskaplike belang is—

- (a) die reserwebreedte wat deur die munisipaliteit verklaar of verander is; of
- (b) die werklike breedte van die pad, 50

watter een ook al groter is.

(7) Die reserwebreedte van alle—

- (a) provinsiale paaie; en
- (b) paaie van gemeenskaplike belang,

wat regmatig vasgestel of verander is of geag word ingevolge die Ordonnansie vasgestel of verander te wees en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, bly van krag, tensy dit kragtens hierdie Wet of, in die geval van 'n pad van gemeenskaplike belang deur die betrokke munisipaliteit verander word. 55

Kategorisering en reserwes van bykomstige vervoerinfrastruktuur

16. (1) Bykomstige padinfrastruktuur moet soos volg gekategoriseer word:
- (a) parkeergebied;
 - (b) rusgebied;
 - (c) diensperseel met direkte toegang; 5
 - (d) stilhouplek;
 - (e) weegbrugterrein;
 - (f) verkeersbeheersentrum;
 - (g) veekamp;
 - (h) materiaalbergingsterrein; 10
 - (i) depot; of
 - (j) 'n fasiliteit vir ontluikende tegnologie ten opsigte van vervoerbedrywighede, soos voorgeskryf kan word.
- (2) Bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur moet soos volg gekategoriseer word:
- (a) openbarevervoerwisselaar; 15
 - (b) stasie;
 - (c) rangeerfasiliteit;
 - (d) depot;
 - (e) beheer- en inligtingsentrum; of
 - (f) 'n fasiliteit vir ontluikende tegnologie ten opsigte van vervoerbedrywighede, 20 soos voorgeskryf kan word.
- (3) Die Provinsiale Minister moet, in elke kennisgewing wat ingevolge artikel 22(1) ten opsigte van bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur gepubliseer word, die bykomstige vervoerinfrastruktuur wat in die kennisgewing verklaar word, kategoriseer as een van die soorte gelys in subartikel (1) of (2), behalwe waar die infrastruktuur geleë 25 is binne en deel uitmaak van die reserwe van vervoerinfrastruktuur.
- (4) Behoudens die oorlegplegingsproses uiteengesit in subartikel (5) kan die Provinsiale Minister, ná oorleg met die geraakte munisipaliteit, die kategorie van bykomstige vervoerinfrastruktuur waarvoor die Provinsiale Minister verantwoordelik is, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verander. 30
- (5) Voor 'n voorgestelde verandering van kategorie beoog in subartikel (4) moet die Provinsiale Minister, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra oor die implikasies van die voorgestelde verandering.
- (6) Wanneer die Provinsiale Minister die kategorie van bykomstige vervoerinfrastruktuur soos beoog in subartikel (4) verander het, kan hy of sy die besonderhede van 35 die verandering deur middel van enige doeltreffende media publiseer.
- (7) Die reserwe van bykomstige vervoerinfrastruktuur moet voor die verklaring van die bykomstige vervoerinfrastruktuur deur die projekbeplanningsproses onderneem ingevolge Hoofstuk 6 bepaal word.
- (8) Die Provinsiale Minister kan die reserwe van bykomstige vervoerinfrastruktuur 40 verander—
- (a) ná oorleg met die geraakte munisipaliteit;
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Hoofstuk 6; en
 - (c) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse.

Boulyne en boubeperringsgebiede

45

17. (1) Daar is 'n boulyn aan elke kant van 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang of spoorlyn vir 'n afstand van vyf meter vanaf die grens van die reserwe, reghoekig gemeet vanaf die middellyn van die pad of spoorlyn.

(2) Buite 'n stedelike gebied kan die Provinsiale Minister, ten opsigte van 'n provinsiale pad wat 'n primêre pad, hoofpad, distrikspad of openbarevervoerpad is, of 50 ten opsigte van 'n spoorlyn, wat voor of ná die inwerkingtreeding van hierdie Wet verklaar is, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar dat die pad of spoorlyn 'n boubeperringsgebied het—

- (a) aan elke kant van die pad of spoorlyn binne 'n afstand van 95 meter vanaf die middellyn, reghoekig gemeet vanaf die middellyn van die pad of spoorlyn; 55
- (b) binne 'n afstand van 500 meter vanaf enige punt van kruising van die middellyn van sodanige pad of spoorlyn met die middellyn van 'n ander sodanige pad of spoorlyn.

(3) Voor die Provinsiale Minister 'n verklaring ingevolge subartikel (2) maak, moet hy of sy, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra oor die implikasies van die voorgestelde verandering.

(4) 'n Pad of enige gedeelte daarvan wat ingevolge die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie tot 'n boubeperkingspad verklaar is, word geag 'n boubeperkingsgebied soos beoog in subartikel (2) te hê. 5

(5) Waar 'n gebied aangrensend tot 'n pad 'n stedelike gebied word, hou enige boubeperkingsgebied wat voorheen ten opsigte van sodanige pad bestaan het, op om te bestaan.

(6) Die Provinsiale Minister kan, behoudens oorlegpleging met die betrokke munisipaliteite, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse, 'n boubeperkingsgebied vir provinsiale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en spoorlyne verwyder, die breedte daarvan verminder of die kategorieë van aktiwiteite wat daarin toegelaat word, bepaal. 10

(7) Voor die Provinsiale Minister 'n verklaring ingevolge subartikel (6) maak, moet hy of sy, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra oor die implikasies van die voorgestelde verklaring. 15

HOOFSTUK 6

BEPLANNING EN VERKLARING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR

Vervoerstelselbeplanning 20

18. (1) Die Departementshoof moet—

- (a) toesien dat vervoerstelselbeplanning van vervoerinfrastruktuur soos voorgeskryf onderneem word;
- (b) jaarlikse bywerkings van sodanige beplanning skep, insluitende begrotings, as insette in die Departement se begrotingsiklusse en implementeringsprogramme; en 25
- (c) voor 15 Maart elke jaar daardie bywerkings aan munisipaliteite beskikbaar stel.

(2) Die Departementshoof moet, op die voorgeskrewe wyse, vir provinsiale paaie—

- (a) die funksionele klassifikasie daarvan bepaal; 30
- (b) die padkantontwikkelingsomgewing bepaal; en
- (c) verkeersaarbestuursplanne opstel.

(3) Verkeersaarbestuursplanne moet—

- (a) ingewerk word by die betrokke geïntegreerde vervoerplan, ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en die provinsiale landvervoerraamwerk; 35
- (b) die beleid vir die bestaande en toekomstige gebruik van die betrokke vervoerinfrastruktuur neerlê;
- (c) dokumente, verslae of ander instrumente insluit wat leiding oor die plan sal gee;
- (d) 'n fisiese plan verskaf wat die huidige bestuur van die vervoerinfrastruktuur en vasgestelde stappe van toekomstige opgradering lei, neerlê; 40
- (e) beperkings ten opsigte van aangrensende grond, toegang, parkering, openbare vervoer en niegemotoriseerde vervoer insluit; en
- (f) die voorgeskrewe inligting en konseptuele beplanningselemente inwerk.

(4) Die Departementshoof moet, soos beoog in artikel 20(10), toesien dat wanneer hy of sy vervoerstelselbeplanning onderneem, die nodige stappe gedoen word om voldoening aan toepaslike wetgewing en koördinasie te verseker. 45

Rekords van vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang

19. (1) Die Departementshoof moet 'n omvattende lys en gepaardgaande databasis, soos voorgeskryf, van alle vervoerinfrastruktuur in die Provinsie opstel. 50

(2) Die gepaardgaande databasis bedoel in subartikel (1) moet gepaste bestuurstelsels insluit.

(3) Die Departementshoof moet toesien dat die lys en gepaardgaande databasis aansluit by tersaaklike bewaarder- en gebruikerbestuursplanne waarvoor daar in die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007), voorsiening gemaak word. 55

- (4) Voor die Departementshoof die lys en gepaardgaande databasis finaliseer, moet hy of sy—
- (a) 'n konsep van die lys en databasis aan alle munisipaliteite voorlê;
 - (b) hul kommentaar aanvra ten opsigte van die konseplys en gepaardgaande databasis binne 'n datum vermeld in die voorlegging; en 5
 - (c) enige kommentaar wat ingevolge paragraaf (b) ontvang is, oorweeg.
- (5) Die Departementshoof moet 'n identifikasienommer of -kode toeken aan elke item vervoerinfrastruktuur wat ingevolge subartikel (1) gelys word.
- (6) Die Departementshoof moet—
- (a) die lys en gepaardgaande databasis bywerk wanneer ook al enige vervoerinfrastruktuur in die Provinsie verklaar, verskuif, geherklassifiseer, oorgedra of gesluit word of wanneer die verklaring daarvan ingetrek word; en 10
 - (b) teen 30 Junie elke jaar toesien dat die lys en gepaardgaande databasis vir insaedeur die publiek beskikbaar is gedurende kantoorure by die plek of plekke deur hom of haar aangewys. 15
- (7) Die Departementshoof moet die bestuurstelsels van vervoerinfrastruktuur bedoel in subartikel (2) jaarliks bywerk om die huidige toestand van vervoerinfrastruktuur weer te gee.
- (8) By ontvangs van die lys en gepaardgaande databasis, of van bywerkings aan die lys of gepaardgaande databasis, van 'n munisipaliteit ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang soos beoog in artikel 9(7), moet die Departementshoof die lys en databasis met die lys en databasis beoog in subartikel (1) konsolideer. 20

Projekbeplanningsproses

20. (1) Die Departementshoof moet toesien dat 'n projekbeplanningsproses ingevolge hierdie artikel onderneem is voor die Provinsiale Minister die volgende verklaar: 25
- (a) 'n nuwe pad, spoorlyn of bykomstige vervoerinfrastruktuur;
 - (b) die verskuiwing van vervoerinfrastruktuur;
 - (c) die verandering van die reserwe van vervoerinfrastruktuur;
 - (d) die intrekking van 'n verklaring van vervoerinfrastruktuur wat nog nie gebou is nie; of 30
 - (e) die intrekking van 'n verklaring van vervoerinfrastruktuur ten einde dit permanent te sluit.
- (2) Die projekbeplanningsproses beoog in subartikel (1) sluit minstens die volgende in: 35
- (a) ten opsigte van subartikel (1)(a) tot (c), tegniese beplanning uitgevoer op die voorgeskrewe wyse om die verkose gerigtheid of alternatiewe gerigthede, uitleg of alternatiewe uitlegte, die reserwe van die betrokke vervoerinfrastruktuur en die eiendom benodig vir die betrokke vervoerinfrastruktuur omskryf; 40
 - (b) ten opsigte van subartikel (1)(d) en (e), die identifisering van alle implikasies van die voorgenome intrekking beoog in daardie paragrawe op aangrensende grondgebruik en die omliggende gebiede, insluitende, in die geval van sluiting, die impak van die hertoegewysde verkeer;
 - (c) met behoorlike inagneming van artikel 24(4)(a) en (b) van die WNOB, die identifisering, ondersoek, evaluering en kommunikasie van, of prosedures vir die identifisering, ondersoek, evaluering en kommunikasie van, die moontlike gevolge of impak van die projek se aktiwiteite op die omgewing, asook van erfenis-, maatskaplike, ekonomiese, gesondheids-, veiligheids- en toegangsoorwegings, waar van toepassing; en 45
 - (d) openbare deelname wat ingevolge subartikels (3) en (4) vereis word en, waar van toepassing, openbare deelname wat ingevolge subartikel (9) vereis word benewens wat kragtens subartikels (3) en (4) vereis word. 50
- (3) Die Departementshoof moet, by die begin van die beplanning, op die voorgeskrewe wyse—
- (a) belanghebbende en geraakte partye in kennis stel van; 55
 - (b) daardie partye uitnooi om hul belang te registreer ten opsigte van; en
 - (c) van daardie partye kommentaar aanvra op, die voorgenome beplanning.
- (4) Ná voltooiing van die beplanningsproses moet die Departementshoof, op die voorgeskrewe wyse, die belanghebbende en geraakte partye wat hul belang uit hoofde van subartikel (3) geregistreer het, in kennis stel van die uitkoms van die proses en 60

daardie partye uitnoui om nie later nie as 'n datum vermeld in die kennisgewing skriftelik op die tegniese beplanning kommentaar te lewer.

(5) Die Departementshoof moet ten opsigte van enige verklaring beoog in subartikel (1) oorleg pleeg met die munisipaliteite in wie se gebiede die vervoerinfrastruktuur geleë is of sal wees en hulle versoek om binne 'n vermelde tydperk skriftelike kommentaar op die beplanning in te dien. 5

(6) Waar die projek 'n impak sal hê op paaie of vervoerfasiliteite wat onder die gesag van 'n staatsorgaan in 'n ander regeringsfeer geadministreer word, moet oorleg ook met daardie staatsorgaan gepleeg word.

(7) Waar oortollige grond as gevolg van die verskuiwing of permanente sluiting van 'n gedeelte vervoerinfrastruktuur geïdentifiseer word, moet die vervreemding van sodanige grond ingevolge artikel 4(12) of artikel 4(13) en (14), na gelang van die geval, hanteer word. 10

(8) Behoudens subartikel (9) kan die Departementshoof sonder die onderneming van 'n beplanningsproses ingevolge hierdie artikel die reserwe van vervoerinfrastruktuur verander indien die verbreding of verandering nie 'n aaneenlopende lengte van 1000 meter oorskry nie en— 15

(a) in die geval van 'n pad of spoorlyn, die nuwe reserwe nie met meer as 20 meter aan een of beide kante van die reserwe afwyk van die bestaande reserwe nie; of

(b) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die nuwe reserwe nie verder as vyf meter vanaf die bestaande reserwe geleë is nie. 20

(9) Voor die Departementshoof ingevolge subartikel (8) handel, moet hy of sy—

(a) die betrokke munisipaliteit in kennis stel en, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra; en

(b) toesien dat daar aan die vereistes ingevolge ander toepaslike wetgewing voldoen is. 25

(10) Die Departementshoof moet—

(a) toesien dat die nodige stappe gedoen word om aan alle wetgewing in verband met die aktiwiteite gelys in subartikel (1) te voldoen, insluitende toepaslike wetgewing vir grondgebruikbeplanning, wat ook goedkeuring ingevolge daardie wetgewing vereis; 30

(b) daarna streef om die projekbeplanningsprosesse wat ingevolge hierdie artikel vereis word, met die prosedurele vereistes van die wetgewing beoog in paragraaf (a) te koördineer en dit in ooreenstemming te bring, op die wyse beoog in artikel 65. 35

Besluit deur Provinsiale Minister

21. By afsluiting van die oorlegplegingsprosesse beoog in artikel 20 moet die Provinsiale Minister alle verslae, kommentaar en vertoë in verband met die voorgestelde handeling oorweeg en binne 30 dae 'n besluit neem—

(a) om met die verklaring beoog in artikel 20(1) voort te gaan; of 40

(b) om nie met so 'n verklaring voort te gaan nie,

en te dien effekte kennis gee in minstens een koerant wat in die gebied sirkuleer en, indien doeltreffend, in ander media.

Verklaring van vervoerinfrastruktuur

22. (1) Die Provinsiale Minister kan, behoudens subartikel (2) en die afhandeling van 'n projekbeplanningsproses ooreenkomstig hierdie Hoofstuk, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n verklaring maak— 45

(a) dat daar vervoerinfrastruktuur op of oor enige grond is ooreenkomstig 'n plan gepubliseer in die kennisgewing of wat vir insae beskikbaar is op 'n plek en op die tye vermeld in die kennisgewing; 50

(b) dat bestaande vervoerinfrastruktuur verskuif of verander is in die mate vermeld in die kennisgewing en aangedui op 'n plan: Met dien verstande dat 'n verklaring nie vereis word nie—

(i) in die omstandighede beoog in artikel 20(8);

(ii) waar die verskuiwing of verandering op geen plek verder as 1000 meter vanaf die naaste punt op die middellyn sal wees van die pad of 'n gedeelte daarvan wat voorgestel word om verskuif of verlê te word nie; 55

(c) dat 'n verklaring—

(i) van vervoerinfrastruktuur wat nog nie gebou is nie, ingetrek word;

- (ii) van bestaande vervoerinfrastruktuur ingetrek word en sodanige vervoerinfrastruktuur in die mate vermeld in die kennisgewing en aangedui op 'n plan permanent gesluit word;
- (iii) van 'n bestaande provinsiale pad in die mate vermeld in die kennisgewing en aangedui op 'n plan ingetrek word sodat dit— 5
- (aa) na 'n munisipaliteit oorgedra en as 'n munisipale pad geadministreer word;
- (bb) na SANRAL oorgedra en as 'n nasionale pad deur SANRAL geadministreer word, behoudens subartikel (5); of
- (cc) aan 'n privaat persoon of entiteit verkoop word; 10
- (d) dat 'n pad van gemeenskaplike belang beoog in subartikel 8(2) in die mate vermeld in die kennisgewing en aangedui op 'n plan as 'n provinsiale pad geherklassifiseer word;
- (e) ten opsigte van enige ander aangeleentheid in verband met vervoerinfrastruktuur wat nodig kan wees. 15
- (2) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1)(a), (b) of (d) moet, vir elke item vervoerinfrastruktuur wat verklaar word—
- (a) vermeld dat die Provinsie die verantwoordelike owerheid is;
- (b) die kategorisering aandui ingevolge artikel 7 in die geval van 'n pad, artikel 13(1) in die geval van 'n spoorlyn en artikel 16(1) of (2) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur; 20
- (c) besonderhede verskaf van die reserwebreedte of omvang ingevolge artikel 15, indien van toepassing, in die geval van 'n pad of spoorlyn of ingevolge artikel 16 in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur;
- (d) die ligging, roete en reserwe van die pad of spoorlyn of die uitleg van ander betrokke vervoerinfrastruktuur beskryf met behulp van 'n sketsplan aangeheg by die kennisgewing; 25
- (e) besonderhede van die boubeperkingsgebied ingevolge artikel 17 verskaf, indien van toepassing; en
- (f) vermeld dat fyner besonderhede vir insae beskikbaar is op 'n plek en op die tyte vermeld in die kennisgewing. 30
- (3) Wanneer die Provinsiale Minister 'n verklaring ingevolge subartikel (1) gemaak het, kan hy of sy die besonderhede van die verklaring of die intrekking, soos van toepassing, deur middel van enige doeltreffende media publiseer.
- (4) Waar vervoerinfrastruktuur verskuif of verander word, word die betrokke vervoerinfrastruktuur geag dieselfde kategorisering te hê as dit wat onmiddellik voor die verklaring van die verskuiwing of verandering op die verskuifde of veranderde vervoerinfrastruktuur van toepassing was. 35
- (5) Enige verklaring van—
- (a) 'n gedeelte van 'n provinsiale pad wat, ná die inwerkingtreding van hierdie Wet, deur die Nasionale Minister as 'n nasionale pad verklaar is en deur SANRAL geadministreer word; en 40
- (b) 'n gedeelte van die pad beoog in paragraaf (a) as 'n boubeperkingspad ingevolge die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, hou op om te bestaan: Met dien verstande dat die verklaring ooreenstem met 'n ooreenkoms tussen die Nasionale Minister en die Premier ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie waarkragtens die oordrag van verantwoordelikheid vir die gedeelte pad gesluit is. 45
- (6) Enige verklaring van—
- (a) 'n gedeelte van 'n voorheen verklaarde pad wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, deur die Nasionale Minister as 'n nasionale pad verklaar is en deur SANRAL geadministreer word; en 50
- (b) 'n gedeelte van die pad beoog in paragraaf (a) as 'n boubeperkingspad ingevolge die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, 55
- hou op om te bestaan by die inwerkingtreding van hierdie Wet.

HOOFSTUK 7

PROSEDURES VIR SLUITING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR

Aansoek om vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te verander

23. (1) Enige persoon wat direk deur bestaande of voorgestelde vervoerinfrastruktuur geraak word, kan op die voorgeskrewe wyse by die Provinsiale Minister aansoek doen om die sluiting, verskuiwing of verandering van die vervoerinfrastruktuur. 5

(2) By ontvangs van 'n aansoek beoog in subartikel (1) kan die Provinsiale Minister, behoudens subartikel (3), 'n beplanningsproses ingevolge artikel 20 onderneem en, by voltooiing daarvan—

(a) die aansoek ondersteun en 'n verklaring ingevolge artikel 22(1)(b) of (c) maak; of 10

(b) die aansoek weier en redes vir die weiering verskaf.

(3) Die aansoeker is aanspreeklik vir die koste aangegaan deur die Departement by die beplanningsproses beoog in subartikel (2), insluitende advertensiekoste.

(4) Die koste beoog in subartikel (3) kan uit aparte bedrae bestaan wat voor of gedurende die projekbeplanningsproses gehef word, ongeag die uitkoms. 15

Permanente sluiting van provinsiale pad

24. Die Provinsiale Minister moet—

(a) voor die permanente sluiting van 'n provinsiale pad, by die punt van sluiting of aan elke kant van die gedeelte of gedeeltes wat gesluit sal word, 'n kennisgewing oprig wat in elke amptelike taal die voorgenome handeling en aan wie kommentaar of versoë gerig kan word, aandui en dit vir minstens 60 dae vertoon; 20

(b) ná die permanente sluiting van 'n provinsiale pad vir 'n tydperk van minstens 90 dae, aan elke kant van die geslote gedeelte gepaste padverkeerstekens en padmerke aanbring wat die publiek van die sluiting waarsku en, waar van toepassing, gebruikers na 'n alternatiewe roete herlei; en 25

(c) die permanente sluiting van die provinsiale pad ingevolge artikel 22(1)(c)(ii) verklaar.

Tydlike sluiting of verlegging van pad of spoorlyn

30

25. (1) Die Departementshoof kan 'n provinsiale pad of spoorlyn of enige gedeelte daarvan tydelik sluit, verlê of die gebruik daarvan tydelik beperk of reguleer—

(a) vir die doel van of hangende die konstruksie, rehabilitasie, instandhouding of herstel van die pad of spoorlyn;

(b) vir die doel van of hangende die konstruksie, oprigting, lê, uitbreiding, instandhouding, herstel of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langs, op, oor, deur, bo-oor of onder daardie pad of spoorlyn; 35

(c) as gevolg van 'n openbare gebeurtenis wat spesiale maatreëls vir die beheer van verkeer of spesiale voorsiening vir die akkommodasie van skares vereis;

(d) om enige ander rede wat sodanige handeling noodsaak; of 40

(e) op versoek van enige persoon.

(2) Wanneer 'n provinsiale pad of 'n gedeelte daarvan ingevolge hierdie artikel gesluit of verlê word, moet die Departementshoof vir die duur van die sluiting of verlegging aan elke kant van die geslote of verlegde gedeelte gepaste padtekens of -merke aanbring en in stand hou wat die publiek oor die sluiting of verlegging waarsku en, waar van toepassing, gebruikers na 'n alternatiewe roete herlei. 45

(3) Die Departementshoof moet, binne 'n redelike tydperk voor die tydelike sluiting of verlegging van 'n provinsiale pad of spoorlyn op die voorgeskrewe wyse van belanghebbende en geraakte partye kommentaar op die voorgenome sluiting of verlegging aanvra. 50

(4) 'n Persoon kan die Departementshoof skriftelik op die voorgeskrewe wyse versoek om 'n provinsiale pad of spoorlyn, of enige gedeelte daarvan, soos beoog in subartikel (1) tydelik te sluit, te verlê of die gebruik daarvan te beperk of reguleer.

(5) 'n Persoon wat 'n versoek ingevolge subartikel (4) rig, moet aan die Provinsie die koste, soos bepaal deur die Departementshoof, van voldoening aan die versoek betaal, insluitende die koste om die veiligheid van gebruikers van die betrokke pad of spoorlyn te verseker. 55

Noodsluiting of -verlegging

26. (1) In noodgevalle kan die Departementshoof vervoerinfrastruktuur sluit of verlê of verkeer op vervoerinfrastruktuur herlei.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan enige ander wet, indien daar 'n gevaar vir die publiek, eiendom of verkeer bestaan, moet die Departementshoof waarskuwingstekens en roeteaanwysingstekens oprig om veiligheid te verseker en verkeersvloei te fasiliteer. 5

Reg van publiek om geslote of verlegde pad te gebruik

27. Die publiek kan aanhou om 'n pad of 'n gedeelte daarvan te gebruik ná die verklaring van die permanente sluiting van die betrokke pad totdat tekens opgerig is wat die sluiting soos beoog in artikel 24(b) aandui. 10

HOOFSTUK 8

PADSUBSIDIEREËLINGS

Padsubsidiereëlins met munisipaliteite

28. (1) Behoudens die WOFB en subartikel (3), vanaf die datum van inwerking-treding van hierdie Wet, kan die Departement 'n padsubsidie aan 'n munisipaliteit betaal vir 'n pad wat kragtens artikel 6(1)(a) as 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar is, of kragtens artikel 8(2) geag word 'n pad van gemeenskaplike belang te wees, waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is. 15

(2) 'n Munisipaliteit kan op die voorgeskrewe wyse by die Departementshoof aansoek doen om die betaling van 'n padsubsidie ten opsigte van die projekbeplanning, ontwerp, konstruksie, instandhouding of bestuur van 'n pad van gemeenskaplike belang waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is. 20

(3) Betaling van padsubsidie is onderhewig aan—

(a) die voorlegging aan die Departementshoof van die lys en gepaardgaande data beoog in artikel 9(7) ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is, en bevestiging dat die lys en gepaardgaande data vir die Departementshoof aanvaarbaar is; 25

(b) die voorlegging aan die Departementshoof van 'n aansoek om padsubsidie soos voorgeskryf, elke jaar nie later nie as 1 Desember van die jaar wat die munisipale finansiële jaar voorafgaan waarvoor die padsubsidieaansoek gedoen word; en 30

(c) die beskikbare hulpbronne van die Departement.

(4) Geen padsubsidie is betaalbaar ten opsigte van vergoeding vir die onteiening of verkryging van grond vir 'n pad van gemeenskaplike belang nie, tensy die Departementshoof— 35

(a) skriftelike toestemming gegee het om die grond te onteien voor dit onteien is; en

(b) die betaling van vergoeding skriftelik goedgekeur het waar dit by ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die grondeenaar bepaal is.

Huurgeld, verkoop en ander inkomste uit grond verkry met subsidie kragtens die Ordonnansie of padsubsidiegeld 40

29. (1) 'n Munisipaliteit moet voor hy 'n huur-, koop- of ander ooreenkoms sluit met betrekking tot grond of enige gedeelte daarvan wat verkry is—

(a) met behulp van geld wat kragtens die Ordonnansie of 'n padsubsidie kragtens hierdie Wet betaal is; of 45

(b) met behulp van geld wat as 'n toekenning van die Provinsie ontvang is, die skriftelike kommentaar en aanbevelings van die Departementshoof en die Provinsiale Minister van Finansies verkry, indien enige.

(2) Dieselfde persentasie van die netto opbrengs wat die Provinsie bygedra het vir die aankoop van die grond beoog in subartikel (1) moet, in die voorgeskrewe omstandighede, betaal word— 50

(a) aan die Provinsie;

(b) met die skriftelike toestemming van die Departementshoof, indien die munisipaliteit 'n munisipale landvervoerfonds ingevolge artikel 27 van die NLTA ingestel het, in daardie fonds in. 55

(3) Die Departementshoof kan skriftelik, met of sonder voorwaardes, 'n munisipaliteit toelaat om die opbrengs bedoel in subartikel (2) te behou.

(4) Die skriftelike toestemming van die Departementshoof beoog in subartikels (2)(b) en (3) moet met die instemming van die Provinsiale Minister van Finansies geskied.

Bydraes vanaf ander bronne 5

30. Wanneer uitgawes deur 'n munisipaliteit op of in verband met 'n pad van gemeenskaplike belang aangegaan is—

- (a) wat in die geheel uit 'n bron buiten die munisipaliteit of die Provinsie befonds word, kwalifiseer die uitgawes nie vir 'n padsubsidie nie;
- (b) wat gedeeltelik uit 'n bron buiten die munisipaliteit of die Provinsie befonds word, kwalifiseer slegs die gedeelte van die uitgawes wat nie aldus befonds is nie, vir 'n padsubsidie. 10

Regulasies vir padsubsidiereëlins

31. Die Provinsiale Minister kan, met die instemming van die Provinsiale Minister van Finansies, regulasies maak wat die volgende voorskryf: 15

- (a) die persentasie uitgawes deur 'n munisipaliteit ten opsigte van aktiwiteite bedoel in artikel 28(2) wat die Departement as 'n padsubsidie kan betaal, hetsy in die algemeen of in die besonder;
- (b) items wat vir 'n padsubsidie kwalifiseer of nie kwalifiseer nie ten opsigte van enige kategorie uitgawes; 20
- (c) faktore vir die bepaling van die bedrag betaalbaar vir padsubsidie;
- (d) voorwaardes waarop padsubsidie betaalbaar is; en
- (e) prosedures vir subsidie-eise en -betalings.

HOOFSTUK 9

ADVERTENSIES SIGBAAR VANAF PROVINSIALE PAAIE EN PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG 25

Verbod op sekere advertensies

32. (1) Geen persoon mag 'n advertensie vertoon of toelaat dat dit vertoon word nie indien die advertensie—

- (a) sigbaar is vanaf 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang buite 'n stedelike gebied; 30
- (b) binne 50 meter is vanaf die grens van 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang in 'n stedelike gebied, buiten 'n deurpad, en vanaf daardie pad sigbaar is;
- (c) binne 250 meter is vanaf die grens van 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang in 'n stedelike gebied wat 'n deurpad is, en vanaf daardie deurpad sigbaar is; of 35

(d) in, op of bo enige provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang is, sonder die skriftelike toestemming van die Departementshoof, op aansoek op die voorgeskrewe wyse. 40

(2) Wanneer die Departementshoof besluit om toestemming beoog in subartikel (1) te verleen, moet hy of sy die impak van die voorgestelde vertoning op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede oorweeg.

(3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie op die vertoning van 'n advertensie— 45

- (a) wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor die betrokke vervoerinfrastruktuur kragtens artikel 22 verklaar is, of die pad kragtens artikel 6(1) as 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar is, wettig vertoon is, vir so lank as wat dit aaneenlopend op dieselfde plek vertoon word; of 50
- (b) wat ingevolge 'n regsvoorskrif vertoon word en streng ingevolge daardie regsvoorskrif vertoon word.

(4) Toestemming deur die Departementshoof ingevolge subartikel (1) verleen, gee nie vrystelling van artikel 47(1) of enige ander toepaslike reg nie.

(5) Die Provinsiale Minister kan regulasies maak wat die volgende voorskryf: 55

- (a) in die algemeen of ten opsigte van 'n spesifieke pad of gedeelte van 'n pad, die soorte advertensies wat van die toepassing van subartikel (1) vrygestel is;
- (b) die maatstawwe wat gebruik moet word om die impak van 'n vertoning bedoel in subartikel (1) op provinsiale padverkeersveiligheid en provinsiale vervoerbedrywighe te evalueer; 5
- (c) die algemene voorwaardes van toestemming wat van toepassing is op die vertoning van alle advertensies waar toestemming ingevolge subartikel (1) verleen is;
- (d) die tegniese vereistes van toepassing op die vertoning van advertensies, insluitende advertensies wat van die toepassing van subartikel (1) vrygestel is, en advertensies beoog in paragraaf (a); en 10
- (e) die wyse waarop 'n aansoek om toestemming ingevolge subartikel (1) ingedien moet word.

Afdwingingsbepalings ten opsigte van advertensies

33. Die bepaling van artikel 57 is van toepassing ten opsigte van 'n oortreding van— 15
- (a) artikel 32(1); of
 - (b) regulasies gemaak kragtens artikel 32(5)(d), ongeag of die soort advertensie ingevolge regulasies gemaak kragtens artikel 32(5)(a) vrygestel is.

Regulering van advertensies deur munisipaliteite

34. (1) 'n Munisipaliteit moet die vertoning reguleer van— 20
- (a) advertensies op of bo 'n pad; en
 - (b) advertensies sigbaar vanaf 'n pad.
- (2) Vir die doeleindes van subartikel (1) moet 'n munisipaliteit minstens 'n stelsel vir die indiening en goedkeuring van aansoeke om die vertoning van advertensies instel, wat vir die volgende voorsiening moet maak: 25
- (a) die klassifikasie van paaie in kategorieë gegrond op hul natuurskoon-, omgewings- of argitektoniese belang of op ander soortgelyke gronde vir die doel om te onderskei tussen die soorte advertensies wat in elke kategorie toegelaat word;
 - (b) die klassifikasie van advertensies in kategorieë vir die doel om hul vertoning of oprigting te reguleer en te beheer; 30
 - (c) die prosedures wat gevolg moet word wanneer aansoek om goedkeuring gedoen word om 'n advertensie te vertoon en die gelde betaalbaar by aansoek om sodanige goedkeuring;
 - (d) die evaluering van die impak van sodanige vertoning op padverkeersveiligheid en vervoerbedrywighe; 35
 - (e) die evaluering van die impak van sodanige vertoning op die omgewing;
 - (f) metodes van vertoning en verligting van advertensies;
 - (g) die evaluering van die veiligheid, aanvaarbaarheid en welvoeglikheid van advertensies; 40
 - (h) die ontwerp en konstruksie van advertensies en hul ondersteunende strukture, hul posisie, instandhouding, verandering en toekomstige verwydering;
 - (i) kategorieë advertensies wat opgerig of vertoon kan word sonder die toestemming van die munisipaliteit op grond van bepaalde maatstawwe; en
 - (j) die verwydering van ongemagtigde advertensies. 45

Vermoedens rakende advertensies

35. Vir die doeleindes van hierdie Wet, by die afwesigheid van bewyse tot die teendeel wat redelike twyfel wek, word 'n advertensie geag vertoon te wees of toegelaat te gewees het om vertoon te word—
- (a) deur die persoon wat dit opgerig of dit andersins laat verskyn het; 50
 - (b) waar dit verband hou met 'n produk of artikel wat deur 'n bepaalde persoon geproduseer of vervaardig word, deur daardie persoon;
 - (c) waar dit verband hou met 'n diens gelewer deur 'n bepaalde persoon, of 'n sakeonderneming of plek wat deur 'n bepaalde persoon besit word, deur daardie persoon; of 55
 - (d) deur die persoon wat die grond besit of okkupeer waarop die advertensie opgerig is of vertoon word.

HOOFSTUK 10

BESTUUR EN BEHEER VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR, PAAIE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG EN AANGRENSENDE GROND

Betreding op en besitneming van eiendom

- 36.** (1) Waar die Provinsiale Minister grond of die tydelike gebruik daarvan of enige materiaal daarop benodig vir 'n doel bedoel in subartikel (2), kan die Provinsiale Minister, nadat nie minder nie as 48 uur skriftelike kennis van die voorgestelde aktiwiteit gegee is aan die eienaar of 'n gemagtigde persoon, met die skriftelike toestemming van die betrokke eienaar of gemagtigde persoon— 5
- (a) die grond met die nodige werkers, toerusting en voertuie betree; 10
 - (b) die oppervlakte en hoogte van die grond opmeet en bepaal;
 - (c) op of in die grond grawe of boor; of
 - (d) die grense van die grond of materiaal afbaken.
- (2) Die Provinsiale Minister kan kragtens subartikel (1) handel— 15
- (a) om die waarde van die betrokke grond of materiaal te bepaal; 15
 - (b) om enige inspeksie, navraag, ondersoek of opmeting te doen in verband met die uitoefening of verrigting van die bevoegdheids, pligte en werksaamhede verleen of opgelê by of kragtens hierdie Wet;
 - (c) om 'n struktuur, apparaat, toestel, installasie of enigiets wat op sodanige grond deur of namens die Provinsiale Minister ingevolge hierdie Wet gebou, opgerig of geplaas word of is, te inspekteer, in stand te hou of te herstel; of 20
 - (d) om hom of haar in staat te stel om enige van sy of haar ander werksaamhede kragtens hierdie Wet te verrig.
- (3) Waar 'n eienaar of gemagtigde persoon skriftelike toestemming geweier het dat die Provinsiale Minister of 'n persoon gemagtig deur hom of haar kragtens subartikel (1) handel, moet die Provinsiale Minister die eienaar of gemagtigde persoon skriftelik versoek om redes vir die weiering te verskaf binne die tyd wat die Provinsiale Minister toelaat, wat minstens sewe dae moet wees. 25
- (4) Die eienaar of gemagtigde persoon moet binne die tyd vermeld deur die Provinsiale Minister ingevolge subartikel (3) skriftelik redes vir die weiering verskaf. 30
- (5) Indien sodanige redes nie binne die aldus vermelde tyd verskaf word nie of nie vir die Provinsiale Minister aanvaarbaar is nie, kan hy of sy by 'n hof met jurisdiksie aansoek doen om 'n bevel wat enige handeling beoog in subartikel (1) magtig.
- (6) Ondanks subartikels (3), (4) en (5) kan die Provinsiale Minister, sonder om aan subartikel (1) te voldoen of aansoek te doen om 'n hofbevel ingevolge subartikel (5), enige handeling beoog in subartikel (1) verrig waar daardie handeling dringend vereis word om dood, besering van persone of wesenlike skade aan eiendom te voorkom. 35
- (7) Die Provinsiale Minister kan met die nodige werkers, toerusting en voertuie oor grond beweeg om toegang tot ander grond te kry vir die doeleindes bedoel in subartikel (2), met die skriftelike toestemming van die betrokke eienaar van die eersgenoemde grond of gemagtigde persoon, en, indien sodanige toestemming geweier word, is subartikels (3), (4), (5) en (6) van toepassing, met die nodige veranderinge. 40
- (8) Waar toegang ingevolge hierdie artikel verkry word tot grond wat afgesper word met 'n heining sonder 'n hek, kan die Provinsiale Minister 'n hek in die heining oprig, wat beman moet word en, wanneer onbeman, van 'n slot voorsien moet wees en 45
behoorlik gesluit moet word.

Toegang tot en uitgang vanaf provinsiale paaie en paaie van gemeenskaplike belang

- 37.** (1) Behoudens subartikel (3) mag geen persoon 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang deur middel van voertuig- of niegemotoriseerde vervoer binnegaan of verlaat buiten deur 'n wettiglik opgerigte ryvlak, hek, brug, oorklimtrap of ander deurgang sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, nie. 50
- (2) Behoudens subartikels (3) en (5) mag geen persoon— 55
- (a) 'n ingang tot of uitgang vanaf 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang bou of verskaf op enige wyse wat aan voertuig- of niegemotoriseerde vervoer toelaat om toegang tussen die pad en enige eiendom aangrensend tot die pad te verkry nie; of

- (b) 'n verbinding tussen 'n eiendom bedoel in paragraaf (a) en enige ander aangrensende eiendom of eiendomme verskaf wat voertuig- of niegemonotoriseerde vervoer toelaat om die ingang of uitgang tot die pad beoog in daardie paragraaf te gebruik nie, 5
sonder die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van die Departementshoof op aansoek op die voorgeskrewe wyse.
- (3) Subartikel (1) en (2) is nie van toepassing nie op 'n wettiglik opgerigte toegangsryvlak, -hek, -brug, oorklimtrap of ander deurgang wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet bestaan het en nie op enige tydstep daarna gesluit of verwyder is nie. 10
- (4) 'n Grondeienaar met toegang tot 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang kan op die voorgeskrewe wyse by die Departementshoof aansoek doen om skriftelike toestemming om die toegang te verskuif, met dien verstande dat, waar die aansoek toegestaan word, die Departement nie aanspreeklik is om by te dra tot die koste van die verskuiwing van die toegang nie. 15
- (5) Die Departementshoof mag nie 'n aansoek om toegang bedoel in subartikel (2) deur die eienaar van 'n onderverdeelde eiendom as gevolg van die onderverdeling van sy of haar oorspronklike eiendom weier nie indien, deur dit te doen, geen ander redelike toegang tot of uitgang vanaf die onderverdeelde eiendom of na of vanaf die provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang beskikbaar is nie, waar— 20
- (a) 'n landmeter voor die inwerkingtreding van hierdie Wet die onderverdeelde eiendom opgemeet het en 'n diagram daarvan by die Landmeter-generaal ingedien het; en
- (b) ná die opmeting van die eiendom en die datum van indiening van die diagram by die Landmeter-generaal en voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n persoon buiten die eienaar van die eiendom waarvan die onderverdeelde eiendom 'n gedeelte uitgemaak het toe die genoemde opmeting gemaak is 'n koopoooreenkoms verkry of gesluit het, om die eienaarskap van daardie onderverdeelde eiendom te verkry, 25
- tensy die ryvlak, hek, brug, oorklimtrap of ander deurgang wat vir toegang tot of uitgang vanaf die pad gebruik staan te word, onveilig is of strydig is met standarde, spesifikasies en riglyne wat die Departementshoof vir toegang tot die pad bepaal het. 30
- (6) By oorweging van 'n aansoek om 'n aktiwiteit bedoel in artikel (1), om toegang bedoel in subartikel (2) of om die verskuiwing van 'n toegang ingevolge subartikel (4), moet die Departementshoof die volgende in ag neem: 35
- (a) die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede;
- (b) die inligting vervat in enige toepaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en verkeersaarbestuursplan;
- (c) standarde, spesifikasies en riglyne bepaal deur die Departementshoof; en 40
- (d) enige vereistes voorgeskryf deur die Provinsiale Minister.
- (7) Die Departementshoof kan, wanneer hy of sy skriftelike goedkeuring ingevolge subartikel (2) verleen, voorwaardes oplê, insluitende die bepaling van die aard van die toegangsryvlak, -hek, -brug, oorklimtrap of ander toegang en die plek waar en wyse waarop dit gebou moet word. 45
- (8) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien subartikel (1), (2), of (4) oortree word.

Verskuiwing of sluiting van toegang tot of uitgang vanaf pad

- 38.** (1) Die Departementshoof kan, by skriftelike lasgewing wat die redes vir die lasgewing vermeld, 'n grondeienaar wat wettiglik 'n toegang tot of uitgang vanaf 'n provinsiale pad opgerig het, gelas om die toegang of uitgang te verskuif, te beperk of te sluit, op die wyse en in die mate en vir die tydperk wat in die kennisgewing vermeld word of permanent. 50
- (2) Waar die verskuiwing, beperking of sluiting ingevolge subartikel (1) van enige toegang tot of uitgang vanaf 'n provinsiale pad die verandering, beperking, heroprigting of herkonstruksie van enige hek of oprit noodsaak, moet die Departementshoof, behoudens subartikels (3) en (4)— 55
- (a) die werk wat aldus genoodsaak word, uitvoer; of
- (b) die betrokke eienaar toelaat om die werk te verrig op die onkoste van die Departement ooreenkomstig die standarde, spesifikasies en riglyne gestel deur die Departementshoof. 60

(3) Die aanspreeklikheid van die Departement ingevolge subartikel (2) is beperk tot die koste van die vervanging van hekke of opritte van 'n soortgelyke standaard as wat ingevolge subartikel (2) vereis word om verskuif, beperk, heropgerig of herbou te word.

(4) Die Departementshoof is nie aanspreeklik vir die koste van die vervanging van enige hek of oprit waar die toegang tot of uitgang vanaf die betrokke pad strydig met enige wet verkry is nie. 5

Beperkings op veranderinge in grondgebruik

39. (1) 'n Persoon wat by 'n munisipaliteit aansoek doen om die goedkeuring van 'n ontwikkeling wat 'n verandering of intensivering van grondgebruik of die onderverdeling van grond behels binne— 10

(a) 95 meter vanaf die middellyn van 'n provinsiale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang, reghoekig tot die middellyn gemeet, buite 'n stedelike gebied; of

(b) 50 meter vanaf die middellyn van 'n provinsiale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang, reghoekig tot die middellyn gemeet, in 'n stedelike gebied, 15 moet, benewens die verkryging van die toestemming van die munisipaliteit, op die voorgeskrewe wyse die vooraf skriftelike toestemming van die Departementshoof verkry in verband met die impak van die ontwikkeling waarom aansoek gedoen word op—

(i) provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede; 20

(ii) enige daaropvolgende vereiste vir die oprigting van 'n nuwe padbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander deurgang om toegang tot 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang te verkry; en

(iii) enige daaropvolgende vereiste vir 'n verandering aan 'n bestaande padbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander deurgang om toegang tot 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang te kry. 25

(2) Die skriftelike toestemming beoog in subartikel (1)—

(a) in die omstandighede beoog in subparagraaf (i) van subartikel (1)—

(i) kan die oplegging van voorwaardes wat verband hou met provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede insluit; 30

(ii) mag geweier word slegs indien die impak van die goedkeuring waarvoor aansoek gedoen word op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede nie deur die oplegging van voorwaardes beoog in paragraaf (a) versag kan word nie;

(b) in die omstandighede beoog in subparagrafe (ii) en (iii) van subartikel (1)— 35

(i) kan die oplegging van voorwaardes beoog in artikel 37(7) insluit;

(ii) moet deur die faktore gelys in artikel 37(6) gelei word.

(3) Indien 'n munisipaliteit 'n onderverdeling van grond beoog in subartikel (1) goedgekeur het, moet die aansoeker, wanneer die inligting beoog in artikel 36(7) van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), ingedien word, 40 by die Landmeter-generaal die skriftelike toestemming van die Departementshoof beoog in subartikel (1) indien.

(4) 'n Persoon beoog in subartikel (1) mag nie 'n ontwikkeling beoog in daardie subartikel onderneem nie tensy die Departementshoof sy of haar skriftelike toestemming soos beoog in subartikel (1), saamgelees met subartikel (2), verleen het. 45

(5) Voor 'n munisipaliteit 'n aansoek om 'n ontwikkeling beoog in subartikel (1) goedkeur, moet hy die vooraf skriftelike kommentaar van die Departementshoof verkry.

Afstandaanwysers, padwysers en waarskuwings op paaie

40. (1) Behoudens die Nasionale Padverkeerswet—

(a) moet die Departementshoof, behoudens subartikels (2) en (3), rigtingaanwysers oprig en in stand hou op provinsiale paaie by die aanloop tot en by die kruisings met elke ander provinsiale pad, pad van gemeenskaplike belang en nasionale pad; 50

(b) kan die Departementshoof verkeerstekens, stoptekens, toegeetekens en enige ander verkeersbeheertoestel of verkeerstekens op provinsiale paaie oprig en in stand hou wat nodig is vir die veiligheid en wegwysing van die publiek. 55

(2) Die Departementshoof kan die funksionele klasse van provinsiale paaie bepaal ten opsigte waarvan rigtingaanwysers soos beoog in subartikel (1)(a) opgerig en in stand gehou moet word.

Versperrings en vry ruimtes

41. (1) Die Departementshoof kan, by skriftelike kennisgewing, van die eienaar of gemagtigde persoon van enige grond wat grens aan—

- (a) 'n provinsiale pad;
- (b) 'n spoorlyn; 5
- (c) bykomstige vervoerinfrastruktuur,

vereis om die hoogte of breedte te verminder van enige boom, bos, plantegroei, muur, heg, heining of enige ander versperring wat 'n uitwerking het op daardie pad of spoorlyn of die kruising met enige ander pad of spoorlyn wat die sig van 'n bestuurder moontlik kan belemmer of onveilige toestande moontlik kan veroorsaak, tot 'n hoogte, breedte of lengte vermeld in die kennisgewing. 10

(2) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien die eienaar of gemagtigde persoon versuim om aan 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) binne die tyd vermeld in die kennisgewing te voldoen.

Heinings langs of binne grense van vervoerinfrastruktuur 15

42. (1) Die Departementshoof kan 'n heining oprig—

- (a) langs of binne die grens van vervoerinfrastruktuur;
- (b) rondom grond van waar materiale deur die Provinsie vir die doeleindes beoog in artikel 36(1) of (2) uitgehaal en verwyder word of is; of
- (c) rondom 'n watervoorraad wat die Provinsie verskaf of gebruik vir die doeleindes beoog in artikel 36(1) of (2). 20

(2) Die Departement moet die redelike koste dek wat aangegaan word deur 'n persoon wat langs die grens van vervoerinfrastruktuur 'n heining oprig volgens die standaard, spesifikasies en riglyne goedgekeur deur die Departementshoof as gevolg van—

- (a) 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 43(4)(a) wat die oprigting van 'n hek verbied; of 25
- (b) die verwydering deur die Departementshoof van een of meer hekke wat wettiglik opgerig is, vanaf die vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 43(4)(b).

(3) Die Departement kan tot die koste bydra wat 'n persoon aangaan wat langs die grens van vervoerinfrastruktuur 'n heining oprig of 'n beskadigde heining herstel in gevalle wat nie in subartikel (2) beoog word nie, indien die heining volgens standaard, spesifikasies en riglyne goedgekeur deur die Departementshoof gebou word. 30

(4) Tensy anders ooreengekom, is die Departement nie aanspreeklik nie vir die betaling van enige bykomende koste aangegaan deur 'n persoon wat 'n heining oprig, insluitende wildheinings, volgens spesifikasies van 'n hoër standaard as wat die Departementshoof vereis. 35

(5) Geen persoon buiten die Departementshoof mag—

- (a) 'n heining oprig op of binne die grense van enige vervoerinfrastruktuur nie, sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof op aansoek op die voorgeskrewe wyse en ooreenkomstig standaard, spesifikasies en riglyne bepaal deur die Departementshoof; 40
- (b) sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof op aansoek op die voorgeskrewe wyse 'n heining verwyder wat ooreenkomstig hierdie artikel op of binne die grense van enige vervoerinfrastruktuur opgerig is nie. 45

(6) Die Departementshoof mag nie skriftelike toestemming verleen vir die verwydering van 'n heining bedoel in subartikel (5)(b) nie, tensy—

- (a) die toestand van die heining die vervanging daarvan noodsaak; of
- (b) die eienaar van die grond waarop dit geleë is, skriftelik onderneem om die koste van die verwydering en die heroprigting van die heining ooreenkomstig standaard, spesifikasies en riglyne bepaal deur die Departementshoof te dra. 50

(7) Alle heinings wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettiglik op of binne die grense van vervoerinfrastruktuur opgerig is en bestaan, word geag behoorlik en met die toestemming van die Departementshoof opgerig te wees.

(8) Die Departementshoof kan te eniger tyd 'n heining bedoel in subartikel (7) verwyder, maar moet dit vervang met 'n heining op of binne die grens van die betrokke vervoerinfrastruktuur op die onkoste van die Departement. 55

(9) Waar vervoerinfrastruktuur verskuif word, moet die Departementshoof, indien 'n bestaande grensheining vir hom of haar aanvaarbaar is—

- (a) die heining na 'n nuwe ligging van die vervoerinfrastruktuur skuif en dit volgens die standaard van die bestaande heining oprig; of
- (b) waar die eienaar van die aangrensende eiendom die heining skuif, daardie persoon vir die verskuiwing en oprigting van die heining vergoed, op die voorwaarde dat dit volgens die standaard van die bestaande heining opgerig is. 5
- (10)(a) Behoudens die Omheiningswet, 1963 (Wet 31 van 1963), moet die eienaar van grond aangrensend tot die grens van vervoerinfrastruktuur 'n heining wat wettiglik op of binne daardie grens opgerig is, in stand hou.
- (b) Die Departement kan tot die koste van die instandhouding beoog in paragraaf (a) bydra. 10
- (11) Waar 'n heining op of binne die grens van vervoerinfrastruktuur beskadig is—
- (a) deur die eienaar van die aangrensende grond, moet herstelwerk nie later nie as 21 dae ná die ontstaan van die skade deur die betrokke eienaar onderneem word; en 15
- (b) totdat herstelwerk voltooi is, is die eienaar van die aangrensende grond daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat geen vee wat gebruikers van die vervoerinfrastruktuur in gevaar kan stel, die vervoerinfrastruktuur betree nie.
- (12) Die Departementshoof kan te eniger tyd, op die onkoste van die Departement, 'n heining wat ingevolge hierdie artikel opgerig is of geag word opgerig te wees, vervang. 20
- (13) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien subartikel (5) oortree word.

Hekke oor paaie

43. (1) Geen persoon mag 'n hek oor 'n provinsiale pad oprig sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof nie, op aansoek op die voorgeskrewe wyse en ooreenkomstig standarde, spesifikasies en riglyne goedgekeur deur die Departementshoof. 25
- (2) In die geval van provinsiale paaie wat primêre, hoof- of distrikspaaie is buite 'n stedelike gebied, mag die toestemming beoog in subartikel (1) nie verleen word nie, tensy—
- (a) die Departementshoof bereid is om 'n motorhek oor die ryvlak langs die hek te bou; en 30
- (b) die persoon wat om toestemming aansoek doen, ingestem het om die koste van die konstruksie van die motorhek te dra en sekuriteit aan die Departement verskaf het vir die volle geraamde koste daarvan;
- (c) kommentaar, op die voorgeskrewe wyse, van belanghebbende en geraakte partye aangevra is; 35
- (d) die Departementshoof enige kommentaar wat uit hoofde van paragraaf (c) ontvang is, oorweeg het.
- (3) In die omstandighede beoog in subartikel (2) mag die hek nie gebou word totdat die motorhek voltooi is nie, wat so gou as moontlik ná betaling van die sekuriteit beoog in subartikel (2)(b) gebou moet word. 40
- (4) Die Departementshoof kan—
- (a) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* of by regulasie, die oprigting van 'n hek oor enige soort of kategorie provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang of gedeelte van 'n provinsiale pad of pad van gemeenskaplike belang verbied; 45
- (b) van 'n persoon aan wie toestemming ingevolge subartikel (1) of die Ordonnansie verleen is, vereis om 'n hek te verwyder.
- (5) Voor die Departementshoof ingevolge subartikel (4) handel, moet hy of sy binne 'n redelike tyd voor die voorgenome verwydering, op die voorgeskrewe wyse, kommentaar van belanghebbende en geraakte partye aanvra— 50
- (a) van sy of haar voorneme om die hek te verwyder;
- (b) wat vermeld dat besware voor 'n datum vermeld in die kennisgewing ingedien kan word.
- (6) Geen persoon mag, te eniger tyd, enige hek wat deur die Departementshoof goedgekeur is, oor 'n provinsiale pad sluit of deur middel van 'n hek oor sodanige pad die publiek onbepaalde toegang weier nie. 55
- (7) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien subartikel (1), of 'n verbod opgelê kragtens artikel 4(a), oortree word.

Motorhekke

44. (1) Die Departementshoof kan 'n motorhek oor 'n provinsiale pad bou, sluit of verskuif, mits die motorhek, waar nodig, 'n hek daarnaas in werking het.

(2) Voor die Departementshoof kragtens subartikel (1) handel, moet hy of sy op die voorgeskrewe wyse kommentaar oor die voorgenome handeling van belanghebbende en geraakte partye aanvra. 5

(3) 'n Motorhek en hek wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ooreenkomstig die Ordonnansie wettiglik bestaan, word geag 'n motorhek te wees wat ooreenkomstig subartikel (1) gebou is.

(4) Wanneer die Provinsiale Minister ingevolge artikel 43(4)(b) 'n hek verwyder, kan hy of sy ook 'n motorhek wat saam met daardie hek werk, verwyder. 10

Mynbedryghede op of onder vervoerinfrastruktuur, paaie van gemeenskaplike belang of boubeperkingsgebiede

45. (1) Geen persoon mag op of onder enige vervoerinfrastruktuur, pad van gemeenskaplike belang of boubeperkingsgebied enige mynbedryghede uitvoer sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof op aansoek op die voorgeskrewe wyse nie. 15

(2) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) mag toegestaan of geweier word met inagneming van—

(a) ten opsigte van 'n pad, die impak van die voorgestelde mynbedryghede op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedryghede; 20

(b) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die impak van die voorgestelde mynbedryghede op die betrokke infrastruktuur, met inagneming van die aard en doel van daardie infrastruktuur;

(c) ten opsigte van 'n spoorlyn, die impak van die voorgestelde mynbedryghede op spoorveiligheid en -werking. 25

(3) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien subartikel (1) oortree word.

Handel dryf op of in vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebiede

46. (1) Geen persoon mag, sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, of strydig met die bepalings van sodanige toestemming, handel dryf, goedere verkoop of uitstal of goedere te koop aanbied of vervaardig op of in of binne 'n boulyn of 'n boubeperkingsgebied van vervoerinfrastruktuur nie. 30

(2) Toestemming kragtens subartikel (1) kan verleen word—

(a) in die geval van paaie en bykomstige vervoerinfrastruktuur, slegs ten opsigte van persele of gebiede wat ooreenkomstig die toepaslike wetgewing vir daardie doel gesoneer of afgebaken is; en 35

(b) in die geval van spoorlyne en bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur, slegs ten opsigte van spesiale gebiede wat deur die Provinsiale Minister vir handelsdoeleindes aangewys is. 40

(3) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) kan toegestaan word of geweier word met inagneming van—

(a) ten opsigte van 'n pad, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedryghede;

(b) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op die betrokke infrastruktuur met inagneming van die aard en doel van daardie infrastruktuur; 45

(c) ten opsigte van 'n spoorlyn, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op spoorveiligheid en -werking.

(4) Subartikel (1) is nie van toepassing op 'n persoon wat sake gedoen het op enige grond voor die verklaring van vervoerinfrastruktuur oor daardie grond en ná die verklaring voortgaan met die sakebedryghede nie, tensy daardie persoon by skriftelike kennisgewing deur die Departementshoof gelas is om dit te staak ter wille van padveiligheid of die werking van verkeer op die vervoerinfrastruktuur. 50

(5) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing indien subartikel (1) oortree word. 55

Strukture buiten diensinfrastruktuur binne reserwes of boulyne of in boubeperkingsgebiede van vervoerinfrastruktuur of paaie van gemeenskaplike belang

47. (1) Ondanks enige ander wet, maar behoudens subartikel (3) of (4), mag geen persoon sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof op aansoek op die voorgeskrewe wyse, en ooreenkomstig standarde, spesifikasies en riglyne goedgekeur deur die Departementshoof 'n aktiwiteit bedoel in subartikel (2) onderneem of laat onderneem of toelaat dat dit onderneem word nie—
- (a) op of binne die reserwe van;
 - (b) binne die boulyne van; of
 - (c) binne 'n boubeperkingsgebied van,
- vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang. 10
- (2) Die aktiwiteite beoog in subartikel (1) is die volgende:
- (a) die oprigting of installering van 'n struktuur of enigiets wat vas is aan die grond waarop dit staan, insluitende 'n struktuur of enigiets wat nie deel uitmaak van daardie grond nie;
 - (b) die konstruksie of lê van enigiets onder die oppervlakte van die grond;
 - (c) die konstruksie van enigiets wat oor die grond uitsteek; of
 - (d) die aanbring van 'n strukturele byvoeging tot of verandering aan enige struktuur of enigiets bedoel in paragraaf (a), (b) of (c).
- (3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op— 20
- (a) die voltooiing van 'n struktuur waarvan die oprigting voor die inwerkingtreding van hierdie Wet begin het of voor die beperking opgelê deur 'n boulyn of boubeperkingsgebied in werking getree het; of
 - (b) enige diensinfrastruktuurwerke.
- (4) Paragrafe (b) en (c) van subartikel (1) is nie van toepassing op 'n omheining, heining, muur of heg wat nie hoër as 1,8 meter bo die oppervlak van die grond waarop dit staan, is nie. 25
- (5) 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) kan toegestaan of geweier word met inagneming van—
- (a) ten opsigte van 'n pad, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede;
 - (b) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op die betrokke infrastruktuur, met inagneming van die aard en doel van daardie infrastruktuur;
 - (c) ten opsigte van 'n spoorlyn, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op spoorveiligheid en -werking.
- (6) Wanneer die Departementshoof skriftelike toestemming ingevolge subartikel (5) verleen, kan die Departementshoof voorwaardes oplê, insluitende:
- (a) spesifikasies waaraan die struktuur, voorwerp, byvoeging of verandering moet voldoen;
 - (b) die wyse waarop en omstandighede waarin, die plek waar en die voorwaardes waarop dit opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê kan word;
 - (c) pligte wat die grondeienaar, die aansoeker of ander persone ten opsigte van die voorgestelde aktiwiteite moet nakom;
 - (d) 'n plig om die Provinsie te vergoed vir koste aangegaan by die monitering van die aktiwiteite bedoel in paragrafe (a), (b) en (c), hetsy voor die begin van die werk of op 'n later stadium;
 - (e) 'n plig om huurgeld soos bepaal deur die Departementshoof te betaal vir die gebruik of okkupasie van grond wat die Provinsie besit of wat onder sy of haar gesag is;
 - (f) enige ander voorwaarde wat hy of sy nodig ag.
- (7) Indien toestemming ingevolge subartikel (5) toegestaan word op voorwaarde dat 'n struktuur of voorwerp op 'n later stadium verwyder kan word, is geen vergoeding vir die verwydering aan die eienaar van die struktuur of voorwerp, of aan sy of haar regsopvolgers, betaalbaar nie, tensy anders ooreengekom met die Departementshoof. 55
- (8) Die bepalinge van subartikel 57 is van toepassing indien subartikel (1), saamgelees met subartikel (2), oortree word.
- (9) Ondanks subartikels (3)(a) en (8) kan die Departementshoof 'n struktuur of voorwerp beoog in subartikel (2) wat opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is voor die datum waarop die betrokke vervoerinfrastruktuur kragtens artikel 22(1) verklaar is of die pad kragtens artikel 6(1) as 'n pad van gemeenskaplike belang verklaar is, verwyder of skuif na 'n plek wat hy of sy bepaal. 60

(10) Waar die Departementshoof 'n struktuur of voorwerp wat aldus opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is, verwyder of skuif, kan die Departementshoof die koste van die verwydering of verskuiwing van die persoon verhaal wat die struktuur beoog in subartikel (3)(a) opgerig het.

HOOFSTUK 11

5

DIENSINFRASTRUKTUUR

Toestemming vir diensinfrastruktuurwerke

48. (1) Ondanks enige ander wet mag geen diensverskaffer sonder die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van die Departementshoof, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, diensinfrastruktuurwerke verrig binne— 10

- (a) 'n reserwe;
- (b) boulyne; of
- (c) 'n boubeperkingsgebied,

van vervoerinfrastruktuur of paaie van gemeenskaplike belang nie.

(2) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) kan toegestaan of geweier word met inagneming van— 15

- (a) ten opsigte van 'n pad, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede;
- (b) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op die betrokke infrastruktuur, met inagneming van die aard en doel van daardie infrastruktuur; 20
- (c) ten opsigte van 'n spoorlyn, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op spoorveiligheid en -werking.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op diensinfrastruktuur wat wettiglik begin is voor— 25

- (a) die inwerkingtrede van hierdie Wet; of
- (b) die verklaring van die betrokke reserwe, boulyn of boubeperkingsgebied.

Standaard, spesifikasies, riglyne en gelde

49. (1) Die Departementshoof kan standaard, spesifikasies en riglyne stel vir die verrigting van diensinfrastruktuurwerke deur 'n diensverskaffer, insluitende— 30

- (a) aangeleenthede beoog in artikel 51;
- (b) die minimum kwalifikasie en registrasievereistes vir 'n kontrakteur wat toegelaat word om diensinfrastruktuurwerke te verrig;
- (c) die minimum kwalifikasie en die pligte van die onafhanklike professionele persoon wat oor die diensinfrastruktuurwerke toesig moet hou; 35
- (d) vereistes vir—
 - (i) gesondheids- en veiligheidsmaatreëls;
 - (ii) verkeersakkommodasie;
 - (iii) die verrigting van diensinfrastruktuurwerke;
 - (iv) die gebruik van 'n metode wat nie in die sypaadjie van 'n ryvlak insny 40 nie;
 - (v) die verskaffing van spaarkapasiteit in 'n pyleiding, tunnel, mangat of soortgelyke diensinfrastruktuur vir gebruik deur ander diensverskaffers;
 - (vi) die herstel van enige skade aan vervoerinfrastruktuur of pad van 45 gemeenskaplike belang;
 - (vii) die herstel van die terrein by voltooiing van die diensinfrastruktuurwerke;
 - (viii) die lewering aan die Departementshoof van soosgeboutekeninge van die diensinfrastruktuurwerke; 50
 - (ix) die toekomstige verandering, opgradering, vervanging, herstel, instandhouding, rehabilitasie, herkonstruksie, verskuiwing of verwydering van hetsy die diensinfrastruktuur, vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang;
- (e) 'n deposito, waarborg of sekuriteit om die moontlike koste van die herstel van 55 enige skade wat diensinfrastruktuurwerke moontlik aan vervoerinfrastruktuur kan aanrig, te dek;
- (f) versekering vir openbare aanspreeklikheid;

- (g) die maksimum duur van diensinfrastruktuurwerke; en
- (h) ander tersaaklike spesifikasies.

(2) Die Provinsiale Minister kan gelde, soos voorgeskryf, betaalbaar deur die diensverskaffer vir die aansoek en die koste aan die Provinsie met betrekking tot die diensinfrastruktuurwerke oplê. 5

Besluit oor aansoek

50. (1) Die Departementshoof moet oor 'n aansoek beoog in artikel 48(1) besluit binne 90 dae vanaf—

- (a) ontvangs van 'n aansoek wat, tot die tevredenheid van die Departementshoof, aan die inligtingsvereistes ingevolge artikels 48 en 49 voldoen; en 10
- (b) betaling van die gelde beoog in artikel 49(2).

(2) Indien die Departementshoof, ná oorleg met die diensverskaffer, van mening is dat dit gepas is om dit te doen, kan die Departementshoof, op die onkoste van die diensverskaffer, 'n professionele persoon aanstel om die Departementshoof met betrekking tot 'n aansoek beoog in artikel 48(1) raad te gee. 15

(3) 'n Skriftelike toestemming beoog in artikel 48(1) moet die volgende uiteensit:

- (a) die besonderhede van—
 - (i) die diensverskaffer;
 - (ii) elke kontrakteur wat toegelaat word om die diensinfrastruktuurwerke te verrig; en 20
 - (iii) indien van toepassing, die onafhanklike professionele persoon wat oor die diensinfrastruktuurwerke toesig moet hou;
- (b) die gemagtigde horisontale en vertikale gerigtheid van die diensinfrastruktuur;
- (c) enige afwyking van die standaard, spesifikasies en riglyne wat toegestaan word; 25
- (d) enige voorwaarde ingevolge waarvan die diensverskaffer die diensinfrastruktuur kan ontplooi;
- (e) enige plig om spaarkapasiteit in 'n bestaande of beplande pyleiding, tunnel, mangat of soortgelyke diensinfrastruktuur te gebruik; en 30
- (f) die standaard, spesifikasies en riglyne bedoel in artikel 49(1) waaraan die diensverskaffer moet voldoen, tesame met enige bykomende of spesifieke standaard, spesifikasies en riglyne wat nie gedek word in die standaard, spesifikasies en riglyne wat ingevolge artikel 49(1) gepubliseer is nie.

Verrigting van diensinfrastruktuurwerke 35

51. (1) Wanneer 'n diensverskaffer diensinfrastruktuurwerke binne 'n reserwe, boulyne of 'n boubeperkingsgebied verrig, moet die diensverskaffer—

- (a) aan die bepalings van die skriftelike toestemming beoog in artikel 48(1) voldoen;
- (b) aan die standaard, spesifikasies en riglyne beoog in artikel 49 voldoen, behalwe waar die Departementshoof 'n afwyking soos beoog in artikel 50(3)(c) toestaan; 40
- (c) nie 'n kontrakteur toelaat om die diensinfrastruktuurwerke te verrig, of 'n persoon toelaat om oor sodanige werke toesig te hou wat nie in die skriftelike toestemming beoog in artikel 48(1) gemagtig is nie; 45
- (d) die publiek beveilig;
- (e) vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang en openbare en privaat eiendom beskerm teen redelik voorkombare skade, en skade wat nie redelikerwys voorkom kan word nie, minimaliseer; en
- (f) aan behoorlike ingenieurspraktyke en -standaarde voldoen rakende enige aangeleentheid wat nie in die skriftelike toestemming beoog in artikel 48(1) of 49 hanteer of ten volle hanteer word nie. 50

(2) 'n Diensverskaffer mag nie sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof nuwe diensinfrastruktuur binne 'n reserwe, boulyne of 'n boubeperkingsgebied ontplooi indien daar spaarkapasiteit in enige bestaande diensinfrastruktuur op dieselfde roete is nie. 55

(3) Indien die Departementshoof, ná oorleg met die diensverskaffer, van mening is dat dit gepas is om dit te doen, kan die Departementshoof, op die onkoste van die diensverskaffer, 'n professionele persoon aanstel om oor die diensinfrastruktuurwerke

toesig te hou om toe te sien dat die diensverskaffer sy pligte kragtens hierdie Hoofstuk nakom en om die belange van die Provinsie ten opsigte van vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang te beskerm.

Eienaarskap en beheer van spaarkapasiteit

- 52.** Ondanks enige ander wet— 5
- (a) besit die Provinsie die spaarkapasiteit in enige pypleiding, tunnel, mangat of soortgelyke diensinfrastruktuur geleë in of vas aan grond of vervoerinfrastruktuur wat die Provinsie besit, en het die Provinsie die eksklusiewe reg om dit te beheer; en
- (b) geen persoon mag 'n diensverskaffer toegang tot 'n pypleiding, tunnel, mangat of soortgelyke diensinfrastruktuur beoog in paragraaf (a) weier of beperk indien die Departementshoof van die diensverskaffer vereis om beskikbare spaarkapasiteit te deel nie. 10

Vergoeding

- 53.** (1) Ondanks enige ander wet is 'n diensverskaffer aanspreeklik om aan die Provinsie redelike vergoeding te betaal in verhouding tot die nadeel gelyk deur die Provinsie en die voordeel wat die diensverskaffer trek uit die diensverskaffer se gebruik van die grond vir diensinfrastruktuur ten opsigte van vervoerinfrastruktuur, ongeag of die diensinfrastruktuur onder of op die grond, in die lug of vasgemaak aan 'n struktuur is. 15 20
- (2) Die Departementshoof kan 'n formule bepaal om as 'n riglyn te dien vir die vergoeding wat betaalbaar is.
- (3) Die Departementshoof en die diensverskaffer kan ooreenkom oor vergoeding gelyk aan, hoër of laer as die bedrag wat ooreenkomstig enige formule beoog in subartikel (2) bereken is, en oor die tyd en wyse van betaling. 25
- (4) Waar geen ooreenkoms beoog in subartikel (3) bestaan nie, moet 'n hof die bedrag van vergoeding en die tyd en wyse van betaling bepaal.
- (5) Die diensverskaffer mag nie met die diensinfrastruktuurwerke begin of voortgaan totdat daar ooreengekom is of 'n hof beslis het oor die bedrag van vergoeding en die tyd en wyse van betaling nie. 30
- (6) Subartikel (1) is van toepassing op die gebruik van grond vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, ongeag of die diensinfrastruktuur voor of ná die inwerkingtreding van hierdie Wet ontplooi is.

Verskuiwing

- 54.** (1) Ondanks enige ander wet, en tensy die Departementshoof anders ooreenkom, moet die betrokke diensverskaffer— 35
- (a) op die onkoste van die diensverskaffer, diensinfrastruktuur in 'n reserwe, boulyne of 'n boubeperringsgebied verskuif indien die Departementshoof sodanige verskuiwing nodig ag vir provinsiale vervoerinfrastruktuurwerke of die doeltreffende en veilige werking van provinsiale verkeer; en 40
- (b) die koste van vervoerinfrastruktuurwerke wat die Departementshoof ag genoodsaak word weens diensinfrastruktuurwerke, betaal.
- (2) Ondanks subartikel (1) kan die Departementshoof, op die onkoste van die Provinsie, diensinfrastruktuur wat ontplooi is voor die betrokke vervoerinfrastruktuur verklaar is, verskuif. 45

Afdwingingsbepalings ten opsigte van diensinfrastruktuur

55. Die bepalinge van artikel 57 is van toepassing indien artikel 48(1), saamegelees met artikel 50(3) of 51(2), oortree word.

HOOFSTUK 12

ALGEMENE BEPALINGS

Aansoeke en skriftelike toestemmings

56. (1) Waar 'n aansoeker nie die eienaar van grond is waarmee 'n aansoek ingevolge enige bepaling van hierdie Wet verband hou nie, moet die aansoeker tot die tevreidenheid van die Departementshoof bewys lewer dat hy of sy gemagtig is om namens die eienaar te onderhandel en dat die voorstel vir die eienaar aanvaarbaar is. 5

(2) By die verlening van 'n skriftelike toestemming ingevolge artikel 32(1), 37(1), (2), of (4), 39(1), 42(5), 43(1), 45(1), 46(1), 47(1), 48(1), 51(2) of 67(3), kan die Departementshoof of die Provinsiale Minister, na gelang van die geval— 10

- (a) redelike voorwaardes oplê, insluitende 'n vereiste om 'n ooreenkoms te sluit oor die verskaffing van ingenieursdienste of installasies en materiaal vir vervoerinfrastruktuur wat met die betrokke toestemming verband hou;
- (b) op aansoek, 'n voorwaarde wysig, opskort of intrek;
- (c) toestemming weerhou van 'n aansoeker wat, na die mening van die Departementshoof of die Provinsiale Minister, soos van toepassing, in stryd is met 'n bepaling van hierdie Wet waarmee die skriftelike toestemming waarvoor aansoek gedoen is, verband hou. 15

(3) 'n Skriftelike toestemming beoog in subartikel (2) is oordraagbaar tensy 'n voorwaarde beoog in subartikel (2)(a) vermeld dat die toestemming onoordraagbaar is. 20

(4) Behoudens hierdie Wet, indien—

- (a) 'n aktiwiteit gemagtig deur 'n skriftelike toestemming begin of voltooi is; en
- (b) die grond waarop die skriftelike toestemming betrekking het, verkoop is ná die toestaan van die betrokke skriftelike toestemming,

bind die voorwaardes van daardie skriftelike toestemming die opvolgers in titel tot die betrokke grond. 25

(5) Die Registrateur van Aktes met jurisdiksie moet—

- (a) op die skriftelike versoek van die Departementshoof, 'n voorwaarde beoog in artikel 37(7), 39(2)(a)(i) of (b)(i) of 47(7) op die titelbewys van die geraakte grond en in die toepaslike registers endosseer; en 30
- (b) in die geval van artikel 39(2)(b)(i), op die titelbewys behou deur die persoon wat oordrag gee, elk van daardie voorwaardes wat van toepassing is op die grond wat aldus behou is, endosseer.

(6) Indien 'n voorwaarde wat op 'n titelbewys ingevoeg of geëndosseer is—

- (a) bedoel in subartikel (5); 35
- (b) opgelê ingevolge 'n bepaling van 'n wet wat by hierdie Wet herroep word,

gewysig of ingetrek is soos beoog in subartikel 2(b), moet die Registrateur van Aktes, op skriftelike versoek van die Departementshoof of die eienaar van die grond, die betrokke voorwaarde wysig of kanselleer.

(7) In die omstandighede beoog in subartikel (6) moet die eienaar van die grond of die Departementshoof, na gelang van die geval, 'n afskrif van die betrokke besluit en bewys dat alle verbandhouders in kennis gestel is, aan die Registrateur van Aktes voorlê. 40

Afdwingingsbepalings

57. (1) Indien 'n persoon 'n bepaling van hierdie Wet oortree, kan die Provinsiale Minister— 45

- (a) sonder kennisgewing—
 - (i) 'n voldoeningskennisgewing uitreik wat die persoon beveel om binne 'n vermelde tyd aan die betrokke bepaling te voldoen; of
 - (ii) by 'n bevoegde hof gepaste regshulp aanvra;
- (b) 'n lasgewing uitreik wat daardie persoon opdrag gee om, binne 'n vermelde tyd, waar tersaaklik— 50
 - (i) enige—
 - (aa) aktiwiteit;
 - (bb) diensinfrastruktuurwerke,
 wat strydig is met hierdie Wet, te staak; 55
 - (ii) die oortreding te voorkom of reg te stel;
 - (iii) diensinfrastruktuur wat strydig met Hoofstuk 11 ontplooi is, te verwyder;

- (iv) enige advertensie, toegang, struktuur, heining, hek of ander voorwerp wat strydig met hierdie Wet opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is, te verwyder; of
- (iv) maatreëls vermeld in die lasgewing te tref om aan enige bepaling in hierdie Wet te voldoen; 5
- (c) 'n toestemming wat ingevolge hierdie Wet verleen is, intrek.
- (2) Voor die Provinsiale Minister 'n lasgewing uitreik of 'n toestemming intrek, moet hy of sy die betrokke persoon 'n redelike geleentheid gee om skriftelik verstoë te rig.
- (3) Indien dringende optrede nodig is om die publiek te beveilig of vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang te beskerm, kan die Provinsiale Minister— 10
- (a) 'n lasgewing uitreik en die betrokke persoon 'n geleentheid gee om so gou as wat redelik is daarna verstoë te rig; of
- (b) maatreëls tref wat die Provinsiale Minister weens die dringendheid nodig ag, en 'n ander persoon magtig om sodanige maatreëls te tref.
- (4) Indien 'n persoon 'n lasgewing uitgereik kragtens subartikel (1)(b) oortree, kan die Provinsiale Minister maatreëls tref wat hy of sy gepas ag en 'n ander persoon magtig om sodanige maatreëls te tref. 15
- (5) Behoudens subartikel (3), in omstandighede waar die maatreëls beoog in subartikel (4) betreding vereis op eiendom wat nie behoort aan of onder die beheer is van die Provinsie nie, mag die Provinsiale Minister of 'n ander persoon met die nodige gesag nie die betrokke maatreëls tref sonder die skriftelike toestemming van die eienaar of gemagtigde persoon sonder 'n bevel van 'n bevoegde hof nie. 20
- (6) Voor of nadat die Provinsiale Minister die maatreëls beoog in subartikels (3) of (4) tref, kan die Provinsiale Minister die koste verhaal wat aangegaan is deur die Provinsiale Minister of 'n ander persoon met die nodige gesag om daardie maatreëls te tref, insluitende enige koste aangegaan soos beoog in subartikel (8), van enige of al die persone op wie die lasgewing uitgereik is, wat elk gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is, en kan hy of sy enige deposito, waarborg of sekuriteit beoog in artikel 49(1)(e) gebruik. 25
- (7) Die koste beoog in subartikel (6) moet redelik wees en kan arbeids-, administratiewe, bedryfs-, kapitaal-, oorhoofse en regs-koste insluit, sonder om daartoe beperk te wees. 30
- (8) Waar diensinfrastruktuur, 'n advertensie, 'n toegang, 'n struktuur, 'n heining, 'n hek of ander voorwerp ingevolge subartikel (4) verwyder word—
- (a) moet die Provinsiale Minister alle redelike stappe doen om die persoon op wie die lasgewing beteken is, in kennis te stel om die diensinfrastruktuur, advertensie, struktuur, heining, hek of ander voorwerp by die plek af te haal waarheen die betrokke items vir berging gestuur is; en 35
- (b) kan die Departementshoof met sodanige voorwerp wegdoen indien dit ná 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van verwydering nie afgehaal is nie.
- (9) Die Departementshoof kan 'n administratiewe boete, soos voorgeskryf, oplê op 'n persoon wat 'n bepaling van hierdie Wet oortree. 40
- (10) Voor die Departementshoof 'n administratiewe boete oplê, moet hy of sy skriftelik—
- (a) die persoon in kennis stel van die voorneme om 'n boete op te lê;
- (b) die besonderhede van die beweerde oortreding vermeld; 45
- (c) redes verskaf vir die boete wat beoog word om opgelê te word;
- (d) die bedrag van die boete wat beoog word om opgelê te word, vermeld; en
- (e) die belanghebbende persoon nooi om binne 'n vermelde tydperk verstoë te rig.
- (11) Indien die Departementshoof, ná oorweging van die verstoë wat gerig is, of indien geen verstoë ontvang is teen die verstryking van die tydperk beoog in subartikel (10)(e) nie, besluit om 'n administratiewe boete op te lê, moet die Departementshoof by skriftelike kennisgewing die persoon in kennis stel dat die persoon binne 30 dae— 50
- (a) die boete aan die Provinsie moet betaal; of
- (b) na die Provinsiale Minister ooreenkomstig artikel 69 moet appelleer.
- (12) Indien 'n persoon versuim om 'n administratiewe boete binne die vermelde tydperk te betaal, kan die Provinsiale Minister, benewens ander maatreëls beoog in hierdie Hoofstuk, deur middel van 'n privaatregtelike proses in 'n bevoegde hof die bedrag van die administratiewe boete van sodanige persoon verhaal. 55
- (13) Behoudens die bepalings in hierdie Hoofstuk kan enige een of meer van die afdwingingsmaatreëls beoog in hierdie artikel getref word, en kan dit getref word in enige volgorde of kombinasie of met een as alternatief vir die ander in die geval van 'n versuim om te voldoen, of opeenvolgend. 60

Spesifieke bevoegdhede van Departementshoof

58. Behoudens die WOFB kan die Departementshoof—
- (a) ondanks die bepalings van Hoofstuk 8 en op voorwaardes bepaal deur die Departementshoof, met die instemming van daardie munisipaliteit, finansiële of ander bystand aan daardie munisipaliteit verleen— 5
 - (i) vir die konstruksie of instandhouding van paaie van gemeenskaplike belang;
 - (ii) vir die verkryging deur daardie munisipaliteit van eiendom vir die doel van paaie van gemeenskaplike belang;
 - (iii) sodat die munisipaliteit aan 'n kennisgewing deur die Departementshoof beoog in artikel 10(12) voldoen; 10
 - (iv) sodat die munisipaliteit die werksaamhede beoog in artikel 9(6) verrig; of
 - (v) sodat die munisipaliteit sy pligte uiteengesit in artikel 2(2), saamgelees met artikel 9(2), ten opsigte van 'n pad van gemeenskaplike belang 15
 - (b) ondanks die bepalings van Hoofstuk 8, paaie van gemeenskaplike belang in die gebied van 'n munisipaliteit met die instemming van die munisipaliteit beplan, ontwerp, bou of in stand hou;
 - (c) vervoerinfrastrukturbates waarvoor die Departement verantwoordelik is, bestuur, behoudens enige toepaslike reg wat die bestuur van onroerende bates reguleer; 20
 - (d) enige bevoegdheid uitoefen wat redelikerwys verband hou met of bykomstig is by 'n bevoegdheid vermeld in paragrawe (a) tot (c).

Algemene bevoegdhede en pligte van Departementshoof 25

59. (1) Die Departementshoof kan—
- (a) behoudens toepaslike reg 'n dier wat strydig met die Nasionale Padverkeerswet of enige ander wet op vervoerinfrastruktuur of binne die reserwe van vervoerinfrastruktuur is, verwyder of daarmee wegdoen, maar is nie aanspreeklik om enige persoon te vergoed waar so 'n dier vrek of beseer word terwyl die dier verwyder of mee weggedoen word om gevaar vir die verkeer te vermy nie; 30
 - (b) op vervoerinfrastruktuur boorgate, pompe en alle toebehore of geriewe wat hy of sy nodig ag, verskaf en in stand hou;
 - (c) hetsy op of, behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van vervoerinfrastruktuur 'n gebou, hut, tent of ander struktuur oprig, bou en in stand hou vir die akkommodasie van beamptes en werkers wat werk op daardie vervoerinfrastruktuur of wat werke in verband daarmee uitvoer; 35
 - (d) hetsy op of, behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van vervoerinfrastruktuur, installasies, masjinerie, toerusting of enigiets stoor wat hy of sy vir die konstruksie of instandhouding van die vervoerinfrastruktuur nodig ag; 40
 - (e) behoudens die reg wat die verkryging en vervreemding van provinsiale staatsgrond reguleer, regte gehou in grond wat verkry is vir of in verband met vervoerinfrastruktuur en wat nie onmiddellik benodig word nie, uitverhuur of vervreem, of tydelike regte tot sodanige grond gratis verleen; 45
 - (f) gebiede binne vervoerinfrastruktuur rehabiliteer of verfraai of dit andersins verbeter;
 - (g) 'n spoorlyn in 'n pad lê, skuif of verwyder;
 - (h) binne die grense van vervoerinfrastruktuur voorsiening maak of magtiging gee vir diensfasiliteite, insluitende vulstasies, restaurante, speelgronde en ander fasiliteite vir die gebruik van die publiek op reis; 50
 - (i) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die verskuiwing van vee, behalwe in 'n voertuig, op enige pad vermeld in die kennisgewing verbied of beperk, of bepaal dat vee nie op so 'n pad verskuif mag word sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Departementshoof nie. 55
- (2) Die bepalings van artikel 57 is van toepassing waar vee strydig met 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1)(i) op 'n pad gevind word.
- (3) Behoudens artikel 40 en die Nasionale Padverkeerswet kan die Departementshoof verkeerstekens, verkeersbeheertoestelle en merke vir die wegwysing en veiligheid van verkeer op paaie en gepaste sinjale en tekens op spoorlyne verskaf en in stand hou. 60

Regulasies

- 60.** (1) Die Provinsiale Minister moet regulasies maak rakende enige aangeleentheid ten opsigte waarvan hierdie Wet regulasies vereis.
- (2) Die Provinsiale Minister kan regulasies maak—
- (a) wat meganismes en vereistes voorskryf vir die monitering van die verrigting deur owerhede van hul werksaamhede kragtens hierdie Wet, prestasie-standaarde of -aanwysers en die finansiële en ander gevolge van versuim deur owerhede om daardie werksaamhede te verrig of om dit voldoende te verrig; 5
 - (b) wat die volgende voorskryf:
 - (i) die wyse waarop en vorm waarin enige aansoek in verband met enige magtiging, goedkeuring, toestemming of vrystelling beoog in hierdie Wet gedoen moet word, die inligting wat daarmee saam ingedien moet word en, indien enige, die gelde wat vir die aansoek betaal moet word; 10
 - (ii) vereistes vir die publikasie en betekening van kennisgewings en die verwittiging van belanghebbende en geraakte partye; 15
 - (iii) die inligting wat ingesluit moet word in 'n kennisgewing beoog in hierdie Wet;
 - (iv) die tydperk waarbinne daar oor enige aansoek wat ingevolge hierdie Wet ingedien is, besluit moet word;
 - (c) wat gelde voorskryf vir enige magtiging, goedkeuring of toestemming wat ingevolge hierdie Wet verleen word, bo en behalwe die aansoekgelde voorgeskryf kragtens paragraaf (b)(i) of in gevalle waar geen aansoekgelde voorgeskryf word nie; 20
 - (d) wat die wyse voorskryf waarop owerhede rekenskap moet hou van geld wat ten opsigte van vervoerinfrastruktuur ontvang of uitbetaal is; 25
 - (e) wat voorskryf hoe die koste van vervoerinfrastruktuurwerke bereken moet word;
 - (f) wat vervoerstelselbeplanning en projekbeplanningsprosesse ten opsigte van vervoerinfrastruktuur voorskryf;
 - (g) wat maatstawwe vir die kategorisering van paaie soos beoog in artikel 7(1) voorskryf; 30
 - (h) wat submaatstawwe onder enige of alle maatstawwe gelys in artikel 5(4)(a) tot (e) voorskryf;
 - (i) wat die beskrywing van die indeling van 'n pad in funksionele klasse 1 tot 6 voorskryf; 35
 - (j) wat kategorieë van bykomstige vervoerinfrastruktuur vir ontluikende tegnologieë voorskryf;
 - (k) wat die kategorisering van padkantontwikkelings voorskryf;
 - (l) wat die inligting en konseptuele beplanningselemente voorskryf wat by 'n verkeersaarbestuursplan ingesluit moet word; 40
 - (m) behoudens die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991), wat die dryf van handel op of in vervoerinfrastruktuur reguleer;
 - (n) wat minimum vereistes voorskryf vir 'n ooreenkoms vir die verskaffing van ingenieursdienste of installasies en materiale soos beoog in artikels 56(2)(a) en 64(2); 45
 - (o) ten opsigte van enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf, gereguleer of bepaal kan word;
 - (p) in die algemeen, rakende enige ander ondergeskikte of bykomstige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie Wet voor te skryf. 50
- (3) Die regulasies kan bepaal dat 'n oortreding van 'n bepaling daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen 'n misdryf is wat strafbaar is met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.
- (4) Verskillende regulasies kan kragtens hierdie artikel vir verskillende soorte vervoerinfrastruktuur gemaak word. 55
- (5) Die maak of wysiging van regulasies kragtens hierdie Wet wat finansiële implikasies het, moet met die instemming van die Provinsiale Minister van Finansies gedoen word.
- (6) 'n Regulasie wat ingevolge die Ordonnansie gemaak is en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is ten opsigte van 'n aangeleentheid waarvoor die Provinsiale Minister regulasies kan of moet maak, word geag 'n regulasie 60

te wees wat kragtens hierdie Wet gemaak is, totdat dit deur 'n nuwe regulasie kragtens hierdie artikel herroep of vervang word.

Standaard, spesifikasies en riglyne

- 61.** (1) Die Departementshoof kan standaard, spesifikasies en riglyne vir vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang stel, insluitende— 5
- (a) standaard, spesifikasies en riglyne vir die verskaffing van toegang tot paaie;
 - (b) standaard, spesifikasies en riglyne vir—
 - (i) die beplanning, ontwerp, verklaring, ontwikkeling, konstruksie, bestuur, beheer, regulering, opgradering, instandhouding, beskerming, en rehabilitasie van vervoerinfrastruktuur en paaie van gemeenskaplike belang; 10
 - (ii) pad- en spoorveiligheid in die Provinsie;
 - (iii) die regulering van advertensies ten opsigte van provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede;
 - (iv) die oprigting van heinings, hekke en strukture; 15
 - (v) diensinfrastruktuurwerke, insluitende aangeleenthede gelys in artikel 49(1);
 - (vi) die toepassing van die maatstawwe beoog in artikels 5(4), (5) en (6) en 13(1),
- welke standaard, spesifikasies en riglyne kan verskil ten opsigte van verskillende soorte vervoerinfrastruktuur en, in die geval van paaie, aan die Nasionale Padverkeerswet onderhewig is; 20
- (c) standaard spesifikasies en riglyne vir die ontwerp, konstruksie, beheer en bestuur van motorhekke, insluitende—
 - (i) die grootte, materiaal wat gebruik moet word, wyse van konstruksie, vlak en posisie; 25
 - (ii) die lengte en breedte van toegangspaaie vanaf die ryvlak tot by 'n motorhek;
 - (iii) die tekens wat opgerig en in stand gehou moet word om as waarskuwing van 'n motorhek te dien en die sluiting of verlegging van 'n motorhek; en 30
 - (iv) die behoorlike bestuur, instandhouding en beheer van motorhekke;
 - (d) standaard, spesifikasies en riglyne vir die gebruik, beheer en beskerming van ruskampe, rusplekke, veekampe en ander bykomstige padinfrastruktuur, ongeag of dit deel uitmaak van paaie.
- (2) Die Departementshoof kan riglyne stel vir die bepaling van die impak van 'n aktiwiteit beoog in hierdie Wet op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede. 35
- (3) Voor die Departementshoof standaard, spesifikasies en riglyne beoog in subartikel (1) stel of wysig, moet dit vir openbare kommentaar vir 'n minimum tydperk van 30 dae beskikbaar gestel word. 40
- (4) Standaard, spesifikasies en riglyne gestel deur die Departementshoof ingevolge hierdie Wet—
- (a) moet deur die Departement gepubliseer word deur dit beskikbaar te stel deur elektroniese media of die amptelike departementele webblad;
 - (b) kan in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word. 45

Delegasie

- 62.** (1) Behoudens subartikel (4) kan die Provinsiale Minister enige van sy of haar bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet aan die Departementshoof deleger of opdra.
- (2) Die Departementshoof kan enige van sy of haar bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet of wat ingevolge subartikel (1) gedeleger of opgedra is aan die Departementshoof, aan 'n beamppte van die Departement of aan 'n munisipaliteit deleger of opdra. 50
- (3) Die Departementshoof mag slegs met die instemming van die Provinsiale Minister, die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering en die betrokke munisipaliteit enige van sy of haar bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet aan 'n munisipaliteit deleger of opdra. 55
- (4) Subartikel (1) is nie van toepassing op die bevoegdheid om regulasies of 'n verklaring ingevolge artikel 22 te maak nie.

- (5) 'n Delegasie of opdrag bedoel in subartikel (1), (2) of (3)—
- (a) moet op skrif wees;
 - (b) kan onderworpe aan voorwaardes gemaak word;
 - (c) kan skriftelik ingetrek of gewysig word deur die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval; 5
 - (d) kan die verdere delegasie van daardie bevoegdheid of verdere opdrag van daardie plig toelaat;
 - (e) verhoed nie die Provinsiale Minister of Departementshoof, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie;
 - (f) ontdoen nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, van die verantwoordelikheid rakende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie. 10

Ooreenkomste rakende vervoerinfrastruktuurwerkzaamhede

63. (1) Die Provinsiale Minister kan met die instemming van die Departementshoof 'n ooreenkoms beoog in subartikel (2) met enige persoon of liggaam (in hierdie artikel "die ander party" genoem) sluit, insluitende— 15

- (a) 'n munisipaliteit;
 - (b) SANRAL;
 - (c) die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika, ingestel ingevolge artikel 22(1) van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet 9 van 1989); en 20
 - (d) Transnet Beperk, ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet bedoel in paragraaf (c).
- (2) 'n Ooreenkoms beoog in subartikel (1) kan bepaal dat—
- (a) die ander party enige of alle verantwoordelikheid vir of in verband met enige vervoerinfrastruktuur oorneem; 25
 - (b) die Provinsiale Minister enige of alle verantwoordelikheid vir of in verband met 'n munisipale pad of 'n pad van gemeenskaplike belang oorneem;
 - (c) die ander party werk verrig in verband met vervoerinfrastruktuur, insluitende die konstruksie en instandhouding daarvan, of die werk onder sy toesig laat doen, vir die rekening van die Departement, of ten opsigte van 'n munisipale pad of pad van gemeenskaplike belang, dat die Departement sodanige werk vir die rekening van die ander party sal verrig, of 'n ander reëling ingevolge die ooreenkoms; 30
 - (d) die munisipaliteit in wie se gebied vervoerinfrastruktuur, 'n munisipale pad of pad van gemeenskaplike belang geleë is, verantwoordelik is vir die verwydering of afkeer van alle stormwater vanaf daardie vervoerinfrastruktuur, munisipale pad of pad van gemeenskaplike belang en vir uitgawes aangegaan in verband daarmee, en dat die Provinsiale Minister nie verantwoordelik is nie vir enige skade veroorsaak deur, of wat ontstaan uit, die verwydering of afkeer van stormwater deur daardie munisipaliteit of die versuim om stormwater te verwyder; 40
 - (e) die Provinsiale Minister enige van die werkzaamhede beoog in hierdie Wet, of werk in verband daarmee, verrig in die regsgebied van of op grond wat aan die ander party behoort, op die onkoste van die Departement of van die ander party, of ingevolge subartikel (3), ooreenkomstig en behoudens hierdie Wet. 45

(3) 'n Ooreenkoms beoog in subartikel (2) kan voorsiening maak dat die partye die koste van 'n projek tussen hulle deel.

(4) 'n Ooreenkoms ingevolge waarvan die Provinsiale Minister die verantwoordelikheid vir of in verband met 'n munisipale pad of pad van gemeenskaplike belang namens 'n munisipaliteit oorneem, moet ooreenkomstig Deel 2 van Hoofstuk 8 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), gesluit word. 50

(5) Die Provinsiale Minister moet, by die sluit van 'n ooreenkoms wat finansiële implikasies vir die Provinsie het, met die instemming van die Provinsiale Minister van Finansies handel.

Ooreenkoms om koste ten opsigte van paaie of vervoerinfrastruktuur te deel 55

64. (1) Behoudens die WOFB kan die Departementshoof met een of meer grondeienaars of 'n ander entiteit of entiteite 'n ooreenkoms aangaan dat sodanige grondeienaars of entiteite tot die koste van die konstruksie, opgradering of instandhouding van vervoerinfrastruktuur sal bydra.

(2) Die ooreenkoms beoog in subartikel (1) moet daarvoor voorsiening maak dat die grondeienaar, grondeienaars, entiteit of entiteite ingenieursdienste of installasies en materiaal sal verskaf vir die konstruksie, opgradering of instandhouding van vervoer-infrastruktuur.

Geïntegreerde prosedures en besluite

5

65. (1) Die Provinsiale Minister, Departementshoof, munisipaliteite en ander staatsorgane wat ander wetgewing administreer in verband met aktiwiteite wat goedkeuring ooreenkomstig hierdie Wet asook daardie wetgewing vereis—

- (a) moet poog om die prosedurele vereistes vir besluitneming ingevolge hierdie Wet en daardie wetgewing te koördineer en in ooreenstemming te bring ten einde duplikasie te vermy; en 10
- (b) kan skriftelike ooreenkomste met mekaar aangaan om duplikasie by die indiening van inligting of die uitvoering van 'n proses te vermy.
- (2) 'n Ooreenkoms beoog in subartikel (1)(b) kan—
 - (a) vir geïntegreerde goedkeurings voorsiening maak; 15
 - (b) die geïntegreerde indiening, openbare en interregeringsoorlegpleging en die evaluering van veelvoudige aansoeke deur munisipaliteite, die Departementshoof en ander staatsorgane vir 'n bepaalde voorgestelde ontwikkeling of aanwending van grond fasiliteer; 20
 - (c) die gelyktydige publikasie van die besluite van munisipaliteite, die Provinsiale Minister, die Departementshoof en ander staatsorgane fasiliteer; of
 - (d) 'n raamwerk verskaf vir die koördinering van prosedurele vereistes vir aansoeke opgelê by of kragtens verordenings, hierdie Wet of ander wetgewing. 20
- (3) 'n Geïntegreerde goedkeuring beoog in subartikel (2)(a) mag goedgekeur word slegs indien— 25
 - (a) 'n skriftelike ooreenkoms tussen die staatsorgane aangegaan is wat die geïntegreerde goedkeuring goedkeur;
 - (b) daar aan alle tersaaklike bepalings van toepaslike verordenings, hierdie Wet en die ander wetgewing voldoen is; 30
 - (c) die goedkeuring die volgende vermeld:
 - (i) die bepalings ingevolge waarvan dit goedgekeur word; en
 - (ii) die staatsorgane wat dit goedkeur; en
 - (d) die onderskeie besluite van die staatsorgane wat deel uitmaak van die geïntegreerde goedkeuring gelyktydig in die media gepubliseer word indien publikasie daarvan vereis word. 35
- (4) Die Provinsiale Minister kan regulasies maak of riglyne uitreik om prosedurele vereistes te koördineer wat opgelê word ingevolge—
 - (a) hierdie Wet; en
 - (b) ander wetgewing in verband met aktiwiteite wat goedkeuring ooreenkomstig hierdie Wet vereis. 40
- (5) 'n Staatsorgaan wat 'n skriftelike ooreenkoms beoog in subartikel (1)(b) aangegaan het, kan enige proses wat gemagtig is deur die wetgewing gedek deur daardie ooreenkoms as voldoende beskou vir voldoening aan die vereistes van hierdie Wet.
- (6) Die Departementshoof of Provinsiale Minister, na gelang van die geval, kan oor 'n aansoek besluit wat ook goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis op grond van 'n proses wat kragtens daardie wetgewing voorgeskryf word, maar slegs indien daardie proses aan die vereistes van hierdie Wet voldoen. 45

Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring

66. (1) Die Provinsiale Minister, die Departementshoof en enigiemand wat kragtens die magtiging van die Provinsiale Minister of Departementshoof handel, na gelang van die geval, is nie aanspreeklik nie vir enige verlies wat gely is deur of skade wat aan 'n persoon— 50

- (a) deur die gebruik van 'n gedeelte van vervoerinfrastruktuur wat nie bedoel is of gebou is vir die gebruik van voertuie nie; 55
- (b) deur 'n handeling of nalating te goeder trou in verband met die verrigting van 'n werksaamheid kragtens hierdie Wet, tensy growwe nalatigheid bewys word.

(2) Die Provinsiale Minister is nie aanspreeklik vir eise deur die grondeienaar vir die vermindering van waarde van grond deur of as gevolg van die verklaring van vervoerinfrastruktuur nie.

Algemene verbodinge

67. (1) Geen persoon of instelling, insluitende 'n staatsorgaan, mag— 5
- (a) versperrings wat gevaarlik kan wees vir verkeer, of enige vullis, puin, ashope, erdewerk, glas, blikke, spykers, stukke metaal, hout, boomstompe, klippe of ander materiaal op enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang laat of plaas nie;
 - (b) vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang beskadig of brandstof of ander chemikalieë of gas wat dit kan beskadig, daarop stort nie; 10
 - (c) bome, struik of ander verbeterings op vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang opsetlik beskadig nie;
 - (d) aan 'n hek of plek op enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang penne of ander voorwerpe heg wat persone of diere kan beseer of eiendom kan beskadig nie; 15
 - (e) 'n beampte, werknemer, agent of kontrakteur van die Departement, of 'n persoon gemagtig deur die Departement, by die uitvoering van sy of haar pligte krachtens hierdie Wet dwarsboom, dreig of hinder of vuil, kwetsende of beledigende taal teenoor so iemand gebruik nie; 20
 - (f) ligte skyn op of die beligting verskerp op vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang op 'n wyse wat verkeer in gevaar kan stel nie;
 - (g) vervoerinfrastruktuur, 'n pad van gemeenskaplike belang of 'n boubeperringsgebied onregmatig okkupeer of daarin of binne vyf meter daarvan woon nie; 25
 - (h) op grond wat aan enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang grens, enige middel, stof of voorwerp wat waarskynlik op die vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang gewaai of gespoel sal word of wat waarskynlik aanstootlik, gevaarlik, skadelik of nadelig vir verkeer daarop sal wees, plaas, opgaar of vrystel of veroorsaak of toelaat dat dit geplaas, opgegaar of vrygestel word nie; 30
 - (i) valslik voorgee om 'n beampte, werknemer, agent of kontrakteur van die Departement te wees nie; of
 - (j) op enige wyse 'n padverkeersteken ontsier, beskadig of verwyder nie.
- (2) Geen persoon of instelling, insluitende 'n staatsorgaan, mag, tensy gemagtig by of ingevolge hierdie Wet of enige ander wet— 35
- (a) die grond, oppervlak, gruis, uitgrawings, verkantings of dreine van enige vervoerinfrastruktuur of op pad van gemeenskaplike belang opgrawe, verwyder of verander nie;
 - (b) 'n syfer, letter, tekening, teken, simbool, graffito of ander soortgelyke voorwerp of simbool verf of aanbring op 'n ryvlak of brug wat deel uitmaak van vervoerinfrastruktuur, 'n pad van gemeenskaplike belang of op 'n verkeersteken wat op vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang opgerig is nie; 40
 - (c) 'n verkeersteken op enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang oprig nie; 45
 - (d) enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang gebruik terwyl dit in aanbou is of herstel word nie, behalwe op die wyse aangedui deur die verantwoordelike owerheid deur padtekens of ander metodes;
 - (e) enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang sluit, verlê, verander of op enige ander wyse daarop inbreuk maak nie; 50
 - (f) vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang wat die publiek geregtig is om te gebruik, sluit of 'n heining of ander versperring oprig om die publiek te verhoed om sodanige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang te gebruik nie; 55
 - (g) vervoerinfrastruktuur of 'n pad van gemeenskaplike belang gebruik wat vir verkeer gesluit is en waarvan die sluiting aangedui word deur gepaste padtekens nie;
 - (h) verkeer na 'n pad of spoorlyn herlei nie, behalwe in 'n noodgeval;

- (i) 'n opmeetpen, baken of ander middel van identifikasie wat vir die doeleindes van hierdie Wet op, in, oor, onder die grond geplaas is of daaraan vas is, verander, skuif, verwyder, versteur, beskadig of vernietig nie;
- (j) 'n ongebruikte voertuig of masjien of 'n gedeelte daarvan op enige vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang plaas of laat nie; 5
- (k) 'n ongebruikte voertuig of masjien of gedeelte daarvan of enige vullis binne 200 meter vanaf die middellyn van enige pad of spoorlyn waar dit vanaf daardie pad of spoorlyn sigbaar is, plaas of laat nie.

(3) Die Departementshoof kan, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, skriftelike toestemming vir die verrigting van 'n handeling wat by subartikel (2) verbied word, 10 verleen behoudens die voorwaardes en vir die tydperk wat hy of sy bepaal.

(4) Wanneer die Departementshoof 'n aansoek beoog in subartikel (3) oorweeg, moet hy of sy die volgende in ag neem:

- (a) ten opsigte van 'n pad, die impak van die voorgestelde aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede; 15
- (b) moontlike skade aan die betrokke vervoerinfrastruktuur of nadeel vir die publiek;
- (c) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die impak van die voorgestelde handeling op die betrokke infrastruktuur, met inagneming van die aard en doel van daardie infrastruktuur; 20
- (d) ten opsigte van 'n spoorlyn, die impak van die voorgestelde handeling op spoorveiligheid en -werking.

Misdrywe en strawwe

68. (1) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy—

- (a) artikel 3(2) of (3), 32(1), 37(1) of (2), 39(1), 42(5), 43(1), 45(1), 46(1), 47(1), 25 48(1), 51(2) of 67(1) of (2) oortree;
- (b) versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing kragtens artikel 57(1)(a) of 'n lasgewing kragtens artikel 57(1)(b) binne die tydperk vermeld in die kennisgewing of lasgewing te voldoen;
- (c) versuim om aan 'n voorwaarde opgelê kragtens artikel 47(6)(a), (b) of (c) te 30 voldoen;
- (d) versuim om aan 'n voorwaarde opgelê kragtens artikel 56(2)(a) te voldoen.

(2) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf kragtens subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met beide die boete en gevangenisstraf. 35

(3) Sodanige boetes moet aan die Provinsie betaal word waar die Provinsie die verantwoordelike owerheid is of aan die munisipaliteit waar die munisipaliteit die verantwoordelike owerheid is.

(4) Benewens enige ander boete kan 'n hof wat 'n persoon aan 'n misdryf kragtens subartikel (1) skuldig bevind, die persoon vonnis tot 'n boete gelykstaande aan— 40

- (a) die bedrag van alle uitgawes wat deur die Provinsie of die munisipaliteit, na gelang van die geval, aangegaan is in verband met enige werk wat nodig is om die vervoerinfrastruktuur of pad van gemeenskaplike belang tot sy vorige toestand te herstel, of
- (b) waar van toepassing, die bedrag benodig om die betrokke skade te herstel, 45 betaalbaar aan die verantwoordelike owerheid wat die nodige werk onderneem en, by versuim van betaling van sodanige boete, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(5) Subartikel (4) verhoed nie die Provinsiale Minister om enige bedrag te verhaal wat hy of sy geregtig is om van 'n persoon te verhaal nie, minus, waar van toepassing, enige 50 boete wat ingevolge subartikel (4) betaal is, ongeag of die persoon aangekla is van of skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie artikel.

Appelle teen besluit deur Departementshoof of beampte

69. (1) 'n Persoon geraak deur 'n besluit van die Departementshoof of 'n beampte van die Departement ingevolge hierdie Wet kan na die Provinsiale Minister teen die besluit 55 appelleer.

(2) 'n Appèl kragtens subartikel (1) moet op die voorgeskrewe wyse ingedien word.

(3) Die Provinsiale Minister kan by oorweging van die appèl 'n appèlpaneel saamgestel op die voorgeskrewe wyse aanstel om die appèl te oorweeg en die Provinsiale Minister daarvoor raad te gee.

(4) Die Provinsiale Minister moet, ná oorweging van 'n appèl, die besluit, bepaling, voorwaardes of lasgewing waarteen geappelleer word, bevestig, ter syde stel of verander of kan enige ander gepaste opdrag gee. 5

(5) 'n Appèl kragtens hierdie artikel skort nie die besluit waarteen die appèl ingedien is op nie, tensy die Provinsiale Minister anders opdrag gee.

Vrystellings ten opsigte van paaie van gemeenskaplike belang

70. (1) Die Provinsiale Minister kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n verklaring maak wat persone, insluitende munisipaliteite, van die vereistes van enige bepaling van hierdie Wet vrystel, ten opsigte van— 10

(a) 'n spesifieke pad van gemeenskaplike belang of gedeelte van 'n pad van gemeenskaplike belang;

(b) alle paaie van gemeenskaplike belang in 'n bepaalde munisipaliteit. 15

(2) Die Provinsiale Minister kan—

(a) voorwaardes oplê vir;

(b) 'n voorwaarde intrek of wysig van,

'n vrystelling beoog in subartikel (1).

(3) Wanneer die Provinsiale Minister kragtens subartikel (1) of (2) handel, moet hy of sy die volgende in aanmerking neem: 20

(a) die finansiële of administratiewe las van 'n geïntegreerde aansoekproses beoog in artikel 65;

(b) die toepassing van die maatstawwe in artikel 5(4), (5) en (6); en

(c) die relatiewe kapasiteit van die munisipaliteit wat vir die pad verantwoordelik is. 25

Oorgangsbepalings

71. (1) Enige proklamasie, kennisgewing, sertifikaat, regulasie of verordening gemaak of uitgereik, en enige lasgewing, goedkeuring, instemming, toestemming of magtiging gegee en enige aanstelling gemaak of enige ander handeling verrig of daad gedoen kragtens 'n wet wat by hierdie Wet herroep word en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag was, en wat kragtens enige bepaling van hierdie Wet gemaak, uitgereik, gegee, verrig of gedoen kon gewees het, bly van krag en word geag kragtens hierdie Wet gemaak, uitgereik, gegee, verrig of gedoen te wees. 30

(2) 'n Onteining wat begin het, en verrigtinge wat vir die bepaling van vergoeding ingestel is deur die Provinsiale Minister, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep word, moet afgehandel word ingevolge die herroepe wet asof hierdie Wet nie in werking is nie, maar die partye kan ooreenkom om ooreenkomstig hierdie Wet met die onteining of verrigtinge voort te gaan. 35

Verhouding van Wet tot ander wette

40

72. (1) Die bepaling van hierdie Wet is bykomend tot en vervang nie ander wette wat handel met aangeleenthede wat verband hou met die aangeleenthede waarmee hierdie Wet handel nie.

(2) Tensy die teendeel uit die samehang blyk, mag geen bepaling van hierdie Wet uitgelê word as dat dit die verskaffing in die Provinsie van vervoerinfrastruktuur of 'n gedeelte daarvan deur enige persoon of op enige wyse wat regtens toegelaat word, verhoed nie. 45

Herroeping van wette

73. Behoudens artikel 70(1) word die wette vermeld in die tweede kolom van die Bylae, vir sover hulle van toepassing is in of opgedra is aan die Provinsie, herroep in die mate aangedui in die derde kolom van die Bylae. 50

Kort titel en inwerkingtreding

74. (1) Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Vervoerinfrastruktuur, 2021, en tree in werking op 'n datum bepaal deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) bepaal word ten opsigte van 5
verskillende munisipale gebiede in die Provinsie.

(3) Indien die Premier verskillende datums vir die inwerkingtreding van verskillende
bepalings van hierdie Wet bepaal, moet 'n verwysing in 'n bepaling van hierdie Wet na
die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet uitgelê word as 'n verwysing na die 10
betrokke munisipale gebied.

BYLAE**WETTE HERROEP**

Nommer en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet 1 van 2013	Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2013	Die geheel
Wet 21 van 1940	Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940	Die geheel
Wet 22 van 1944	Wysigingswet op Nasionale Paaie en Toebou van Paaie, 1944	Die geheel
Wet 28 van 1952	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1952	Die geheel
Wet 16 van 1962	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962	Die geheel
Wet 16 van 1966	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1966	Die geheel
Wet 6 van 1976	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1976	Die geheel
Wet 2 van 1979	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1979	Die geheel
Wet 43 van 1985	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1985	Die geheel
Ordonnansie 19 van 1976	Ordonnansie op Paaie, 1976	Die geheel
Ordonnansie 18 van 1977	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1977	Die geheel
Ordonnansie 11 van 1978	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1978	Die geheel
Ordonnansie 6 van 1980	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980	Artikels 1 tot 8
Ordonnansie 28 van 1980	Tweede Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980	Die geheel
Ordonnansie 5 van 1982	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1982	Die geheel
Ordonnansie 20 van 1983	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1983	Die geheel
Ordonnansie 13 van 1985	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1985	Die geheel
Ordonnansie 16 van 1986	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1986	Die geheel

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE WETSONTWERP OP PROVINSIALE VERVOERINFRASTRUKTUUR

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2013 (Wet 1 van 2013) (die Wet), is op 3 April 2013 deur die Premier bekragtig, maar tot op hede is dit nie in werking gestel nie. Hierdie Wet was bedoel om die bestaande wetgewing wat met verklaarde paaie in die Provinsie handel, naamlik die Ordonnansie op Paaie, 1976 (die Ordonnansie), en die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (die WALTP), te vervang.
- 1.2 Gedurende die opstel van regulasies wat nodig was om die Wet in werking te stel, is daar bevind dat wysigings aan die Wet nodig is, insluitende tegniese wysigings en ontwikkelings wat die probleme met die verskaffing van diensinfrastruktuur wat 'n uitwerking op paaie het, die hoof bied. Die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur, 2017 (die Wysigingswetsontwerp), is dienooreenkomstig opgestel om hierdie kwessies die hoof te bied en is vir kommentaar gepubliseer. Ná verdere oorweging en met behoorlike inagneming van die kommentaar wat ontvang is, is die Wysigingswetsontwerp te omslagtig gevind. Vervolgens is daar besluit om 'n nuwe Wes-Kaapse Wetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur, 2021 (die Wetsontwerp), op te stel, wat, wanneer dit in werking tree, die Wet, die Ordonnansie en die WALTP sal herroep.

2. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

- 2.1 Wanneer die Wetsontwerp in werking tree, sal dit die Provinsie in staat stel om sy provinsiale paaie, spoorlyne en bykomstige vervoerinfrastruktuur ingevolge 'n nuwe wetgewende raamwerk te administreer. Prosedures is by die Wetsontwerp ingewerk wat die verklaring van provinsiale paaie, spoorlyne en bykomstige vervoerinfrastruktuur en die beplanning, onteiening, konstruksie, bestuur, beheer en instandhouding van sodanige vervoerinfrastruktuur sal toelaat.
- 2.2 Die omvang van die Wet en die Wetsontwerp strek weier as wat die Ordonnansie en die WALTP dek, vir sover eersgenoemde voorsiening maak vir die verklaring van openbarevervoerinfrastruktuur, soos swaar of ligte spoorstelsels en hoë-orde-openbarevervoerpaaie vir snelbusvervoer-tipe stelsels. Die Wet en die Wetsontwerp maak ook voorsiening vir 'n beplanningsproses wat in bepaalde omstandighede moet plaasvind, insluitende die verklaring van paaie en wanneer paaie verander of verskuif word. Die Wet erken dat die verklaring, konstruksie en bestuur van paaie 'n impak op verwante funksionele gebiede het, insluitende grondgebruikbeplanning en die omgewing, en beoog 'n samewerkende benadering met ander geraakte staatsorgane en funksionaris.
- 2.3 Die hoofveranderinge wat by die Wetsontwerp ingewerk is met betrekking tot die Wet, behels bepalings wat vir die gesamentlike administrasie van munisipale paaie van gemeenskaplike munisipale en provinsiale belang (paaie van gemeenskaplike belang) deur die betrokke munisipaliteit en die Provinsie voorsiening maak. Paaie van gemeenskaplike belang maak hoofsaaklik die hoë-ordepadnetwerk van munisipaliteite uit en is paaie wat die Administrateur verklaar het en wat kragtens die Ordonnansie gesamentlik deur munisipaliteite en die Provinsie bestuur word. Hulle word deur munisipaliteite besit, deur die Provinsie gesubsidieer en is 'n integrale en kritieke komponent van die provinsiale padnetwerk. Breë maatstawwe word nou by die Wetsontwerp ingesluit met die doel om vir die Provinsie en munisipaliteite in die toekoms as gids te dien by die bepaling van hoe paaie geklassifiseer moet word as óf provinsiale paaie óf munisipale paaie. Nuwe tegniese bepalings word ook by die Wetsontwerp ingesluit wat die herevaluering van voorheen verklaarde paaie beter sal fasiliteer om die geskiktheid van die bestaande padowerheid te bepaal en hulle dienooreenkomstig te herklassifiseer, en die kategorisering

van die paaie te herevalueer. Beskouingsbepalings word ingesluit en 'n meganisme om dooiepunte by die gesamentlike evalueringsproses op te los, waarvoor voorsiening gemaak word in die geval waar die Provinsie en die betrokke munisipaliteit nie ooreenstem oor die klassifikasie en kategorisering van paaie of verwante aangeleenthede onderhewig aan die evaluering nie.

- 2.4 Die Wetsontwerp sluit ook bepalings in wat in sekere gevalle die Provinsie sal bemagtig om munisipaliteite by te staan met die uitvoering van hul taak om hul paaie van gemeenskaplike belang te bestuur. Vir sover aktiwiteite op hierdie paaie 'n direkte impak op die provinsiale padnetwerk kan hê, vereis die Wetsontwerp dat die Provinsie en die munisipaliteit wat die verantwoordelike owerheid vir die pad is, ooreenstemming bereik oor bepaalde aangeleenthede soos konstruksieaktiwiteite, die verskuiwing en verandering van en die konstruksie van nuwe en veranderde wisselaars op hierdie paaie voordat die aktiwiteit begin indien die betrokke aktiwiteit waarskynlik 'n negatiewe impak op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede sal hê. Dit moet ooreenkomstig die beginsels van samewerkende regering geskied. Die Wetsontwerp, om dieselfde rede, verbied verder sekere bepaalde aktiwiteite op paaie van gemeenskaplike belang (soos die bou van toegange, die oprigting van strukture en die installering van diensinfrastruktuur) deur alle persone sonder die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van die Departementshoof, gegrond op die impak van die aktiwiteit op provinsiale verkeer en provinsiale vervoerbedrywighede. Die toestemming van die Departementshoof is bykomend tot enige nodige toestemming wat van die betrokke munisipaliteit verkry moet word. Let daarop dat "munisipale paaie" in die Wetsontwerp geskiedkundig as "strate" bekend staan en, vir sover hierdie paaie slegs 'n munisipale funksie is, word hulle nie direk deur die Wetsontwerp gereguleer nie. Die Departement het egter 'n proses begin om standaardkonsepsverordenings op te stel wat munisipale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en die vertoon van advertensietekens, wat munisipaliteite aange-moedig sal word om soos gepas aan te neem.
- 2.5 Nuwe bepalings word ook in die Wetsontwerp ingesluit om die verskaffing van diensinfrastruktuur op paaie te reguleer, insluitende telekom-munikasiekabels en pypleidings vir water, gas, olie en ander dienste, en verdere tegniese aanpassings.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

- 3.1 **Klousule 1** maak voorsiening vir 'n omvattende stel definisies en verwante tegniese aangeleenthede.
- 3.2 **Klousule 2** bepaal dat die Provinsiale Minister en die Departementshoof die werksaamhede van die finansiering, beplanning, verklaring, ontwerp, konstruksie, ontwikkeling, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering, beskerming en rehabilitering van vervoerinfrastruktuur in die Provinsie moet onderneem, en dat 'n munisipaliteit dieselfde werksaamhede ten opsigte van munisipale paaie, paaie van gemeenskaplike belang en bykomstige padinfrastruktuur onder sy beheer en in sy regsgebied moet onderneem.
- 3.3 **Klousule 3** bepaal dat die Provinsiale Minister moet toesien dat sekere sleutel- tegniese werksaamhede ingevolge die Wetsontwerp slegs onder die verantwoordelikheid en noulettendheid van 'n gepas gekwalifiseerde professionele persoon verrig word. Hierdie klousule bepaal voorts dat die Departementshoof moet toesien dat die personeeldiensstaat van die Departement professionele ingenieurs of stadsbeplanners bevat wat die nodige bevoegdheid het vir die doel om oor hierdie aktiwiteite toesig te hou.
- 3.4 **Klousule 4** maak voorsiening vir tegniese aangeleenthede rakende die vestiging van eienaarskap en titel tot grond waarop vervoerinfrastruktuur

geleë is, insluitende die verkryging en vervreemding van grond wat vir vervoerinfrastruktuur benodig word.

- 3.5 **Klousule 5** stel die klassifikasiestelsel in wat op paaie toegepas moet word, wat hulle verdeel in provinsiale paaie, munisipale paaie en paaie van gemeenskaplike belang en maak voorsiening vir breë maatstawwe om by die klassifikasieproses te gebruik.
- 3.6 **Klousule 6** verskaf meer besonderhede oor paaie van gemeenskaplike belang en, in die besonder, die proses vir die verklaring van sodanige paaie deur die Provinsiale Minister en die intrekking van sodanige verklaring.
